

DIE KOMMISSIE HERVAT OP 8 MEI 1990.

VOORSITTER: Advokaat Visser waar is brigadier Mostert?

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, brigadier Mostert is vanoggend besig met 'n konferensie wat vooraf gereël is.

VOORSITTER: Wie het vir hom gesê hy kan 'n konferensie bywoon as die verrigtinge uitgestel is na vandag toe?

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter mag ek net dit sê dat, ek moet sê dat die kwessie van brigadier Mostert se teenwoordigheid vandag hier is vir ons 'n bietjie van 'n verrassing. (10)

VOORSITTER: Hoe so?

MNR. VISSER: Want toe ons laas verdaag hierso het ons mnr. McNally gehoor sê dat wanneer ons terugkeer sal u voortgaan met die Lubowski aangeleentheid en daarna die BSB en hy het ook name genoem waaronder brigadier Mostert se naam getel het.

VOORSITTER: Nommer een, ja.

MNR. VISSER: Inderdaad, ons het aanvaar dit sou niks met die Lebowski aangeleentheid te doen hê nie, maar spesifiek met die BSB dan. Mnr. McNally het ook gesê mnr. die Voorsitter, dat die getuies nie noodwendig in daardie volgorde geroep gaan word nie (20) en as gevolg van daardie aanduiding het ek met u gaan praat in u kamers in Londen verlede week en ek het u versoek presies wat die, òf die onttrekking van my geleerde vriend, mnr. Bertelsmann enige verandering in die situasie gaan bring en u het die aanduiding gegee, as ek u reg verstaan het, dat daar geen verandering gaan wees nie. Die gevolg is dat ons het aanvaar dat vandag gaan ons voort met die Lebowski aangeleentheid.

VOORSITTER: Ag mnr. Visser ek het afgesluit om te sê in die openbare verhoor dat Maandag, gister, sou ons aangaan met Lebowski as daar iemand vir Lebowski is en vandag ook voortgaan (30)

met/...

met die BSB. Nou vandag het aangebreek. Gister was daar niemand hier gewees oor Lebowski nie en vandag het aangebreek en as daar nou niemand vir Lebowski was nie dan moes brigadier Mostert eerste hier gewees het.

MNR. VISSER: Ja. Mnr. die Voorsitter ek moet dan verskoning maak as ek die situasie verkeerd verstaan het, maar ek was gister verras gewees toe my prokureur vir my sê dat mnr. Erasmus hom gekontak het dat brigadier Mostert hier moet wees. Om die waarheid te sê brigadier Mostert was gister hier.

VOORSITTER: Nee, ek weet.

MNR. VISSER: Hy was gister hier maar die punt is hy het blykbaar hierdie reëling gehad wat hy nie kon afsit nie wat vooraf gereël was vir vanoggend en hy is nou nie hier nie. Ek verstaan hy is, om die waarheid te sê die hele dag nie beskikbaar nie mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Wel, ons sal sien, ja.

MNR. VISSER: Maar wat ons sal doen, ek het gevra dat hy my moet kontak en dat ek vanaand met hom kan gesels mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Wel ek het opdrag gegee dat hy opgespoor word en hierheen gebring word. Gaan maar voort mnr. McNally.

MNR. McNALLY: Ek wil sekere dokumente inhandig mnr. die Voorsitter. Die enigste verklaring van Brian Currin wat gemerk word BEWYSSTUK A2. Dit word op hierdie stadium ingehandig omdat die volgende getuie daarna gaan verwys. So dit is dan BEWYSSTUK A2. En dan wil ek kolonel Wright weer in die getuiebank sit asseblief om verdere getuienis te lewer.

JOHAN PETRUS WRIGHT, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Het u op 'n sekere datum wat
nie/...

aangeleentheid waarin u getuig van sekere beslagleggings op 29 en 30 Maart 1990? -- Dit is korrek. Dit was op 9 April wat ek hierdie verklaring gemaak het.

Dit sal BEWYSSTUK A3 wees.

VOORSITTER: Is dit nie C18 nie?

MNR. McNALLY: Is hy gemerk al?

VOORSITTER: Hy is gemerk C18.

MNR. McNALLY: Goed, dan hou ons by C18, dankie, C18. Kan u die verklaring voorlees asseblief kolonel? --

"Ek is 'n luitenant-kolonel in die Suid-Afrikaanse
polisie gestasioneer te Speurtak, Hoofkantoor en is 'n
beampte van hierdie Kommissie. (10)

Op 29 en 30 Maart 1990 het ek beslag gelê op lêers by die kantore van die BSB te Spesmagte, Voortrekkerhoogte. In 'n lêer wat streek 6 en 9 gemerk is het ek twee notas met die naam Gavin Mark Evans gevind met 'n huis en besig-

heidsadres. In hierdie lêer wat meer as 'n honderd name bevat het, het ek ook die naam David Webster met 'n Johannesburgse telefoonnommer gevind. Die naam het onder die Five Freedoms Forum (FFF) verskyn en Webster is as die "vice-chairperson"
aangedui. (20)

Na bestudering van mnr. Currin se lys van gevalle het ek met behulp van 'n rekenaar die name verbind met dié wat in die inligtingslêer verskyn het. Die rekenaardrukstuk word aangeheg as bylae "A".

Bylae "A" bevat die name volgens die rekenaarkoördinasie, mnr. die Voorsitter, as Bear Mark; Borraine Alex; Bredenkamp Louis; Hawthorn of Hathorn Paula; Mandela Winnie, Souchon Dominique; en Turner Kate.

"In/...
(30)

"In 'n lêer gemerk Kinross Finansies is vasgestel dat 'n persoon, Kwenza Mlaba, 'n prokureur van Durban gemonitor is. Hierdie lêer bevat verdere inligting wat nie binne die raamwerk van die Kommissie val nie."

Kolonel, is dit korrek dat u fotokopieë aangeheg het van alle dokumente waarna u in u verklaring verwys het? -- Dit is korrek.

Gemerkm van bylae "A" af tot bylae "K2".

Dan is dit korrek dat u 'n verdere verklaring gemaak het op 4 Mei vanjaar? -- Dit is korrek.

Dit sal C19 wees mnr. die Voorsitter. Sal u dit asse-blief voorlees? -- (10)

"Ek het die polisie-dossier Athlone MR (Misdaadregister) 396/08/89 bestudeer. Hierdie dossier het aangedui dat daar op 31 Augustus 1989 om 20h35 'n SPM limpetmyn by die Early Learning Centre, Springbokstraat, Athlone ontplof het. Die skade het R118 600 beloop. Volgens die dossier was drie persone lig beseer. Al drie was manlik. Die beserings was as volg (in die dossier) beskryf:

(a) Ligte snywonde aan regterhand en kneusings aan heup en knieë.

(20)

(b) Ligte skraapwonde aan regter gewrig.

(c) 'n Wond aan agterkop."

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Kolonel, in die lêer wat u nagegaan het is die name wat u in bylae "A" gevind het, is hulle verbind met organisasies waaraan hierdie persone behoort het? -- Dit is korrek.

Die bylaes sal beskikbaar wees vir ons as verteenwoordigers?

VOORSITTER: Maar u sien dit mos. Bylae "B" toon aan Beare Mark, nr. 10 - leidende rol in die ECC.

MNR. BERTELSMANN: /... (30)

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Ons het dit nie voor ons op hierdie stadium nie, verskoning aan u.

VOORSITTER: O ekskuus, Souchan, aktiewe ECC en UDF lid.

MNR. BERTELSMANN: Dankie, my geleerde vriend het vir my sy kopie gegee. Nou die lêer sê u is gemerk streek 6 en streek 9 het ek u reg verstaan? -- Dit is korrek.

Nou is dit korrek dat die persoon waarna verwys is as Mark Beare verbind word met 'n voorval toe daar op hom gevuur is van Stellenbosch. Is dit dieselfde persoon? -- Ek kan nie uit die vuur onthou nie. Hierdie is met behulp van 'n rekenaar gedoen (10) ten opsigte van mnr. Currin se klomp voorvalle. Ek kan nie uit die vuur onthou presies wat die voorvalle was in mnr. Currin se lys nie.

Ek sien. In wie se besit was hierdie lêer wat gemerk was streek 6 en streek 9? -- Die lêer was aan my verskaf deur 'n persoon met die naam van Braam Cilliers by Spesmagte se hoofkantoor, BSB se kantore, Voortrekkerhoogte.

Was daar enige handskriftelike aantekeninge in dié lêer? -- Ja.

Het u vasgestel in wie se handskrif daardie aantekeninge (20) gemaak is? -- Nee, nog nie huidiglik nie.

Was dit net een persoon se handskrif wat in daardie lêer verskyn het? -- Na my beskeie mening mnr. die Voorsitter verskeie persone.

Is dié lêer aan u vrywillig oorhandig of moes u beslag lê daarop? -- Die lêer is vrywilliglik aan my oorhandig. Al die kluis is vir my oopgesluit.

Wie was die persoon wat gelas het dat die kluis oopgesluit moet word? -- Ek het eers 'n gesprek gevoer met brigadier Swart wat in bevel was te Spesmagte Hoofkantoor, wat

(30)
my/...

my toe toegang verleen het deur mnr. Braam Cilliers.

Kon u vasstel of hierdie lêer normaalweg by die kantoor gehou word of is die lêer spesifiek of kort voor u besoek na dié kantoor gebring? -- Ek kan die vraag ongelukkig nie be-antwoord nie.

U is nie seker nie. Was dit 'n lêer wat u vantevore reeds oor navraag gedoen het of wat gedek is deur 'n versoek wat u aan Spesiale Magte gerig het om dokumentasie aan u be-sklikbaar te stel? -- Nie hierdie spesifieke lêer nie, nee.

Wat het veroorsaak dat u op daardie oggend of op daardie datum (10) 29, 30 Maart 1990 na die hoofkantoor toe gegaan het? -- Ek het 'n lasbrief gehad om die plek te deursoek.

Het u enige verdere dokumente gevind wat betrekking het, benewens hierdie lêer op die werksaamhede van hierdie Kommissie? -- Ek het op 'n klomp dokumentasie beslag gelê wat ek aan die beamptes van hierdie Kommissie oorhandig het, mnr. McNally.

Het u navraag gedoen of daar enige opdragte aan brigadier Swart deur hoër gesag gegee is om die dokumentasie aan u be-sklikbaar te stel, voordat u soontoe gegaan het? -- Nee, ek het aangeneem dat brigadier Swart is die persoon in beheer van Spesmagte (20) Hoofkantoor en hy het die lêers vir my beskikbaar gestel.

Was brigadier Swart bewus van die feit dat daardie lêer in daardie kantoor gehou is? -- Ek vermoed so, nie spesifiek 'n lêer nie, hy het geweet waar die BSB se kantore was. Hy het my soontoe geneem waar ek mnr. Braam Cilliers ontmoet het.

Watse rang het mnr. Braam Cilliers? -- Ek het geen idee nie.

Indien hy 'n militêre rang het? -- Ek is nie bewus van

sy/...

sy militêre rang nie. (30)

Was hy in siviele klere gewees?-- Hy was in siviele klere.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: Net 'n paar vrae wat volg op my geleerde vriend se vrae. Hierdie kantore lyk dit vir u as die tipe kantore waar werk in verband met die BSB gedoen is, administratiewe werk? -- Dit is korrek.

En het u voorheen geweet van die bestaan van daardie kantoor? -- Nee, ek het dit agtergekom tydens my ondersoek.

Wanneer? -- Ek kan nie presies onthou wanneer nie.

Onlangs, 'n paar weke terug?

VOORSITTER: Met ander woorde ek dink, die maklikste is, hoe lank voordat u na die kantoor toe is met die beslagleggings-lasbrief, hoe lank voor daardie datum het u bewus geword van daardie plek as 'n BSB plek? -- Miskien 'n paar dae voor die tyd. (10)

MNR. PRETORIUS: 'n Paar dae voor die tyd en dit het vir u geblyk van wat u daar gesien het dat, soos my geleerde vriend u gevra het, dat hoër gesag geweet het van die bestaan van daardie kantore daar? -- Brigadier Swart het geweet van die bestaan van die kantoor, ja.

En ek neem aan brigadier Swart het ook geweet dat, alhoewel daardie spesifieke dokumente nie genoem is in enige dokument wat u gehad het, dat u op soek was vir dokumente in verband met die BSB? -- Dit is korrek. (20)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Kan u net vir die Kom-missie 'n aanduiding gee hoeveel kluipe daar in die vertrek was wat u die dag besoek het, min of meer? -- Ek dink dit was ses kluipe.

Groot kluipe nie waar nie? -- Groot kluipe, ja.

En/...

K38.0517

- 991 -

WRIGHT

En was daar dokumente in al hierdie kluipe gewees? -- Dit is korrek. (30)

En u en die persone wat u vergesel het, het sover meegedeel

is omtrent 'n dag bestee of selfs langer om die dokumente na te gaan? -- Ons het twee dae daar spandeer.

En was daar 'n geweldige hoeveelheid dokumente gewees nie waar nie? -- Dit is korrek.

Dit was alles dokumente wat betrekking gehad het op die BSB se bedrywighede nie waar nie? -- So ver ek kon vasstel, ja.

U het geneem wat u geglo het moontlik betrekking gehad het op die Kommissie se ondersoek? -- Dit is korrek.

Is u bewus daarvan dat brigadier Swart 'n lid van die Spesiale Magte is? -- Ek weet nie wat sy portefeulje is nie.

(10)

En dat hy, terwyl generaal Webb versoek is om verlof te neem terwyl die Kommissie se verrigtinge aan die gang is, dat hy eintlik generaal Webb se plek tydelik oorgeneem het? -- Ek is nie bewus daarvan nie.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

MNR. McNALLY: Mag ons dan afstaan tot 11h00 wanneer ons dan meer sekerheid sal hê oor brigadier Mostert se bewegings.

MNR. HATTINGH: Mag ek net 'n versoek tot u rig voordat u die verdaging neem, daar is 'n persoon Christo Brits, dit is 'n administratiewe naam soos u bewus is wat in die gebou teenwoordig is, hy was ook aangesê om vandag hier teenwoordig te wees, daar is ook intussentyd 'n subpoena beteken aan 'n persoon en ek noem ook weer eens sy administratiewe naam, ene Braam Cilliers na wie so pas verwys is, ek versoek u mnr. die Voorsitter om ook met betrekking tot hierdie twee here 'n

(20)

soortgelyke/...

K38.0574

- 992 -

MOSTERT

soortgelyke bevel uit te reik as wat u uitgereik het met betrekking tot mnr. Verster wat die neem van foto's en die maak van sketse en so meer betref?

(30)

VOORSITTER: Ja goed, voorlopig word gelas dat ten aansien van dié persone geen stappe geneem word om hulle identiteit bekend te maak nie.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 11H00. DIE KOMMISSIE HERVAT.

FLORIS JOHANNES MOSTERT, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Is dit korrek dat u op 5 April vanjaar 'n verklaring gemaak het vir die doeleindes van hierdie Kommissie? -- Ek het 'n verklaring gemaak op 5 April ter insae van die Kommissie alleenlik.

Dit is nou voor ons en ek wil u daarvan lei. Is dit korrek
..... (tussenbei) (10)

VOORSITTER: Is dit hierso?

MNR McNALLY: Ons maak dit C20 mnr. die Voorsitter. Is u 'n brigadier in die Suid-Afrikaanse Polisie en tans die adjunk-streekhoof, Speurtak Spesiale eenhede, Streek Witwatersrand? -- Dit is korrek.

In u verklaring meld u in paragraaf 3 dat dr. Webster op 1 Mei 1989 in Johannesburg om die lewe gebring is. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Sal u asseblief voortgaan met die lees van u verklaring vanaf
paragraaf 4? -- (20)

"Ek is aangestel as ondersoekbeampte in die aangeleentheid en het sedert daardie datum, tot op datum hiervan voortgegaan met sodanige ondersoek, bygestaan deur 'n span speurders.

Ek wens hieronder kortliks die onderskeie stappe wat gevolg is en inligting wat bekom is ten aansien van die Webster-moord, uiteen te sit:"

Kan/...

K3.0691

- 993 -

MOSTERT
(30)

Kan ek maar net voortgaan?

Asseblief, 4.1? --

"4.19 Junie 1989: Twee persone by; name Calla Botha en Ferdie Barnard word gearresteer nadat 'n berig ontvang is dat hulle onder verdagte omstandighede hulle op 'n sekere plek bevind het. Na hulle arrestasie word hulle vrygelaat nadat hulle verduidelik het dat hulle privaatspeurders is wat op soek is na 'n wit BMW."

4.2 Tussen 9 Junie 1989 en 29 Augustus 1989 word 'n naamlose oproep ontvang van 'n bron wat inligting aan die ondersoekspan openbaar dat die persoon wat dr. Webster vermoor het verbonde is aan een of ander afdeling van die Spesiale (10) Magte van die Suid-Afrikaanse Weermag."

Nou was daardie bron manlik of vroulik gewees? -- Ek is nie bereid om verdere inligting oor die bron te verstrek nie.

Goed, 4.3? ... (tussenbei)

VOORSITTER: Dit was in ieder geval naamloos gewees. So u kan net die identiteit van die persoon beskerm en 'n naamlose oproep is seker iemand van wie se identiteit u onbewus is? -- Dit is korrek, maar daar is ander omliggende omstandighede wat ek nie wil bekend maak nie.

MNR. McNALLY: En u is nie eers bereid om te sê of dit 'n man-like (20) of vroulike naamlose persoon was nie? -- Ek het self nie die oproep ontvang nie.

So die antwoord is dan dat u nie weet of die persoon manlik of vroulik was nie? -- Ek weet wat die geslag is van die persoon.

Maar u is nie bereid om dit bekend te maak nie? -- Ek is
nie/...

K38.0744

- 994 -

MOSTERT

nie bereid om dit bekend te maak nie.

Goed, gaan aan met 4.3. --

"4.3 29 Augustus 1989: 'n Persoon by name ene Botes spreek die (30)
Minister van Wet en Orde insake 'n bom-ontploffing wat

plaasgevind het op 28 Augustus 1989 by 'n besigheidspersoneel waar gemelde Botes se eggenote sake doen. Die aangeleentheid word verwys na die adjunk-speurhoof, generaal Joubert vir verdere ondersoek.

4.4 12 September 1989: Sekere advokaat Lebowski word in Suidwes-Afrika om die lewe gebring.

4.5 Op of ongeveer 13 September 1989: 'n Persoon te wete Acheson word in Suidwes-Afrika deur die Suidwes-Afrikaanse Polisie gearresteer. As gevolg van inligting van gemelde Acheson verkry word 'n verbintenis verkry met (10) ene Ferdie Barnard, synde een van die persone wat op 9 Junie 1989 gearresteer was.

4.6 Na voormelde gebeure en vroeg in September 1989 word 'n oproep ontvang van 'n bron in Kaapstad wat beweer dat die persoon wat Lebowski vermoor het dieselfde persoon is wat dr. Webster vermoor het."

Nou in daardie verband het die Kommissie 'n verklaring ontvang van ene Beverley Anne Runciman wat die streekvoor-sitster is van die "Black Sash". Was sy daardie bron gewees? -- Dit is hierdie (20) geval, ja.

Ons het net 'n faks van daardie beëdigde verklaring, sal u asseblief so vriendelik wees om dit in die rekord in te lees? -- "I am an adult female aged 33 years and reside at ..."
Hierdie faks is baie onduidelik.

MR PRETORIUS/...

K38.0807

- 995 -

MOSTERT

MR PRETORIUS: I am sorry to interrupt, but could the witness be asked to speak up, it is very difficult to hear.

VOORSITTER: Hulle vra net dat u 'n bietjie harder moet praat. (30)

-- Ja-nee ek sal harder praat. Ek kan nie hierdie ding lees nie,

dit is onmoontlik vir my om in hierdie ligomstandighede kan ek die ding nie lees nie.

VOORSITTER: Miskien is die lig beter vir my.

"I am an adult female aged (either 88 or 38) years and reside at Mingale Bay (somewhere) and am the Regional Chairperson of the Black Sash, Cape Western Region. I have the necessary capacity to make this affidavit, the facts of which are within my own personal knowledge un-less I state to the contrary hereunder.

On Thursday, 18 September 1989 at approximately 11h45 I (10)
was called to answer the Black Sash office telephone at 5 Long Street, Mowbray, Cape. I was working in the office at the time. On answering the telephone I discovered that the caller was male who spoke to me in English with what I considered to be an Afrikaans accent. On asking if I could help him he told me the following:

- a.that the Namibian assassination was carried out by the same person who committed the Webster murder. (I took this to be the assassinations of Anton Lebowski in Windhoek en David Webster in Johannes-burg respectively; (20)
- b.that the acts were carried out by someone driving a Cape Town registered car;
- c.that this car was supplied by a Cape Town person;
- d.that this person is the head of a reaction unit re-sponsible only to the Minister;
- e. that/...

K38.0867

- 996 -

MOSTERT

e.:that this person has under his command a group of men used for acts such as these. (30)

On enquiring as to how he had obtained this information the man told me that he had been a member of this reaction unit

and had recently left this unit because the person in charge, referred to in 'd' above 'had so much power that he was a danger to the stability of the country.'

I asked the caller's name which he refused to give me saying 'I cannot give you my name.'

I then identified myself.

I asked him why he had chosen to contact the Black Sash and he said that he had driven past our offices this morning and had decided to do it. I thanked him and said goodbye. He said goodbye and terminated the conversation.

Signed: Beverley Anne Runciman on 14 September 1989." (10)

MNR. McNALLY: Dankie mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Dit sal dan C21 wees.

MNR. McNALLY: Soos dit u behaag. -- Kan ek net 'n regstelling maak asseblief?

Ja. -- Ek verwys na paragraaf 4.2. Ek was net 'n bietjie verward tussen hierdie inligting en hierdie wat ons nou net uitgelees het. Dit is twee verskillende ... (tussen-bei)

VOORSITTER: Twee verskillende gevalle. -- Bronne van inligting en hierdie bron in 4.2 is van 'n manlike bron verkry.

Goed, gaan dan voort na 4.7 van u verklaring asseblief? (20)

--

"4.7/...

K38.0926

- 997 -

MOSTERT

"4.7Daarna word vasgestel dat die weergawe wat Botha en Barnard aan die Suid-Afrikaanse Polisie verstrek het ten aansien van hulle teenwoordigheid alwaar hulle gearresteer was op 9 Junie 1989, vals was en volgens inligting van 'n bron ontvang, word vasgestel dat sekere mnr. Bruce White inderdaad deur hierdie twee persone gemonitor was in daardie stadium. Die inligting is opgevolg en die (30)

ondersoekspan het 'n gesprek gevoer met mnr. White.

Laasgemelde het be-vestig dat hy bekend was met dr. Webster.

4.8Daarna word 'n telefoonoproep ontvang van 'n bron wat meedeel dat die bron in besit is van inligting in verband met die Webster-moord. Dié bron het ver-volgens inligting aan die ondersoekspan beskikbaar gestel en opvolgwerk is gedoen."

MNR. McNALLY: Later in u verklaring of miskien in 'n verdere verklaring het u melding gemaak van die feit dat een van u bronne (10) onbetroubaar geblyk te gewees het, was dit hierdie bron gewees?

-- Ja, dit was hierdie bron gewees.

So hierdie bron? -- Ek stel dit reg later om te sê dat daar 'n bron is wat disinformasie verskaf.

Ja, so is dit die bron hierdie? -- Ek vermoed so, ja.

In paragraaf 4.8? -- Ja, ek sal dit regstel as dit anders is.

Asseblief, gaan voort met 4.9: --

"4.9Einde September, begin Oktober 1989: Die ondersoek-span praat met mnr. Barnard. In hierdie stadium deel (20) Barnard mee dat daar binne die Republiek van Suid-Afrika 'n geheime organisasie bestaan met lede uit alle vlakke van die maatskappy, wat hom in die

breë/...

K38.0981

- 998 -

MOSTERT

breë beywer om met geweld en intimidasie 'n skrik-bewind onder linkse radikales te voer. Hy deel verder mee dat 'n persoon met die skuilnaam, Louis, sy opdraggewer is.

Hy verstrek inligting aangaande 'n sekere dubbelagent (30) te wete Dermot McQuillan, wat moontlik 'n verbintenis het met Acheson.

4.10 27 Oktober 1989: 'n Vergadering vind plaas by die Minister van Wet en Orde, waar generaal J. van der Merwe (die huidige Kommissaris van Polisie) onder andere teenwoordig was. Ek het by hierdie vergadering die sentiment uitgespreek dat Barnard in-gevolge die bepalings van artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, wet 74 van 1982, aangehou behoort te word.

Hiermee was die vergadering dit eens en het ek in dier voege amptelike instruksies ontvang.

4.11 31 Oktober 1989: Barnard word gearrester. (10)

4.12 24 November 1989: Barnard se aanhouding word oorge-skakel na 'n aanhouding kragtens die bepalings van artikel 29.

4.13 Daarna maak Barnard sekere mededelings aangaande voormelde geheime organisasie en die organisasie se aktiwiteite aan die ondersoekspan.

4.14 24 November 1989: Barnard se vader loods 'n dringende aansoek vir sy vrylating. Die aansoek word egter teruggetrek by kennisgewing gedateer 28 November 1989.

4.15 16 November 1989: Ek voer 'n gesprek met luitenant-generaal Rudolf Badenhorst, die hoof van Stafinligting en die hoof van die afdeling Militêre (20)

Inligting/...

K38.1034

- 999 -

MOSTERT

Inligting van die Suid-Afrikaanse Weermag. Tydens hierdie gesprek versoek ek generaal Badenhorst om enige inligting tot sy beskikking, aan my beskikbaar te maak.

4.16 30 November 1989: Calla Botha word gearrester.

4.17 2 Desember 1989: Barnard maak 'n verklaring waarin hy die Burgerlike Samewerkingsburo by name identifiseer. (30)

Die ondersoekspan besluit om hierdie inligting geheim

te hou met die oog daarop dat die verdere ondersoek van die saak nie belemmer word indien dit algemeen rugbaar sou word dat die onder-soekspan oor die inligting beskik nie.

4.1812 Desember 1989: 'n Aansoek word gerig vir die vrylating van Botha."

Kan ons net 'n bietjie daar stilstaan? Is dit korrek dat u daardie aansoek geopponeer het by wyse van 'n oppone-rende verklaring wat gedateer is 11 Desember 1989? -- Dit is korrek.

Ek neem aan dat u datum wat u hier gee in 4.18 'n bietjie vroeër moes gewees het, want u opponerende verklaring is ge-dateer (10)
11 Desember.

VOORSITTER: Die 12de - dit was seker die dag toe die saak in die hof was.

MNR. McNALLY: Dit blyk so te wees, ja. Goed, nou in para-graaf 4 van daardie verklaring, die opponerende verklaring.

-- Ja, ek het dit nie voor my nie.

Ja, het u gesê dat u in besit is van sekere inligting en u het voortgegaan deur te sê en ek haal u aan:

"Ek is egter tevrede dat die inligting waaroor ek beskik betroubare inligting is." (20)

En/...

K38.1095

- 1000 -

MOSTERT

En dan op bladsy agt van dieselfde verklaring in paragraaf 5.4 daarvan sê u soos volg en ek haal aan:

"Soos reeds vermeld was die aangehoudene, dit is nou Calla Botha, volgens my inligting betrokke by die moorde op Lebowski en dr. Webster."

Nou is u bereid om vir ons te vertel watter betroubare inligting u gehad het dat Calla Botha betrokke was by dr. Webster se moord? (30)

-- Ek is nie bereid om enige inligting aangaande die

Webster-ondersoek op hierdie stadium bekend te maak nie.

VOORSITTER: Brigadier, u het vir ons tot dusver gesê wat u geweet het tot op 12 Desember en u het tot dusver geen in-ligting gegee wat daarop gedui het dat u betroubare inligting gehad het wat aangetoon het dat Calla Botha betrokke was by die moord van dr. Webster nie. Wil u daarop kommentaar lewer? -- Ek het sekere, ja, kan ons hierdie feit laat oor-staan, laat ek eers konsulteer met my advokaat omtrent dit?

Nee, want ek kan nie sien wat u vir die advokaat wil vra nie.

As die vraag onbehoorlik is sal u advokaat beswaar maak punt (10) nommer een en punt nommer twee is, op watter basis weier u om vrae te antwoord oor Webster? -- Die eerste vraag is?

Die eerste vraag het ek vir u gesê dat aan die hand van u verklaring het u nog geen aanduiding gegee dat u enige inligting gehad het op die datum van u verklaring van 11 Desember 1989 het u enige betroubare inligting het u nog uitgespel, waarvolgens u geweet het dat Calla Botha betrokke was by die moord op dr. Webster nie. Nou tot dusver - ek weet nie of u daarop kommentaar wil lewer nie? -- Ek het inligting gehad.

Nou wat is dit, want dit blyk nie uit u verklaring nie? (20)
-- Ek /...

K38.1196

- 1001 -

MOSTERT

-- Ek is - nou kom ons by die tweede vraag is dat, aangesien die Webster-dossier nog 'n lewendige dossier is en ons voort-gaan met die ondersoek en nog gereeld inligting opvoer, dink ek nie op hierdie stadium is dit korrek om daardie inligting uit te laat nie.

Wel brigadier, ek het u gevra, u moes 'n aansoek of feite voor my plaas wat my in staat sou stel om 'n bevinding te maak (30) kragtens Regulasie 11 en hierdie beëdigde verklaring gee voor om die aansoek dienooreenkomstig te wees. Ek het nie 'n ver-dere

mondelinge aansoek van iemand ontvang in dié verband nie en wat in u beëdigde verklaring staan stel my hoegenaamd nie tevrede dat ek, om my diskresie in u guns uit te oefen nie en kragtens Regulasie 11 gaan ek voort totdat ek feite het wat wys dat daar vordering in die ondersoek is wat dit maak dat ek nie met die aangeleentheid behoort te handel nie.

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, mag ek net nadat die getuie nou klaar geantwoord het net kortliks 'n gedagte by u in u midde plaas. Die probleem natuurlik wat 'n ondersoek-beampte het is dat as hy feite ... (tussenbei)

(10)

VOORSITTER: Mnr. Visser doen u 'n aansoek nou?

MNR. VISSER: Nee, mnr. die Voorsitter, ek probeer net die aspek in perspektief plaas. Die getuie gaan waarskynlik 'n probleem hê om feite te gee wat volgens sy oordeel sy onder-soek sal kan benadeel. Ek wil net daardie perspektief daarop plaas en dit verder aan die getuie oorlaat om u vrae te antwoord.

VOORSITTER: Ja, maar goed, ek het brigadier, u versoek as u verder wil weier om die vrae te antwoord, dan stel ek voor dat u 'n aansoek hooggeregshof toe rig om my te verhinder om hier-die vrae te vra, maar totdat ek 'n hofbevel kry sal u verplig

(20)

wees/...

K38.1289

- 1002 -

MOSTERT

wees om die vrae te antwoord. Sal u voortgaan asseblief?

MNR. McNALLY: Watter inligting, wat betroubaar van aard was, het u op die dag van u verklaring gehad. Dit wil sê 11 Desember verlede jaar dat Calla Botha betrokke was by die moord op dr. Webster? -- Ek dink dit is 'n vraag wat generaal Joubert kan antwoord, wat dit aan my oorgedra het.

VOORSITTER: Wel u het die beëdigde verklaring gemaak.

(30)

MNR. McNALLY: U het die stelling gemaak. U het dit onder eed so gestel in u verklaring. -- Dit is korrek. Ek het kennis gedra

daarvan en ek het opgetree ingevolge die inligting.

VOORSITTER: Nou wat is die inligting? Ek vra weer vir u wat is die inligting?-- Die inligting as dat Calla Botha betrokke was by Webster se moord.

Dit is die gevolgtrekking, watter ...? -- Dit is inligting wat ons uit 'n weermagbron gekry het.

Wel u het nog nie daardie bron tot dusver geopenbaar, ek bedoel op watter datum het u daardie bron uiteengesit? -- Dit was voor die 12de gewees. Dit was voor Barnard se arrestasie gewees.

U het vir ons hier 'n lys gegee van die bronne wat u gehad het. Sê net vir ons waar is daardie bron hierso in hierdie lys van u? -- Nee, dit is nie een van dié bronne nie. (10)

Ekskuus? -- Dit is nie een van dié wat ons hier genoem het nie, die onbekende (tussenbei)

Nou hoekom het u dit nie genoem nie? Het u 'n aan-tekening van die bron in die dossier gemaak of van die in-ligting wat u gekry het, sal u weer na die dossier kyk? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Nou wil u vir my sê dat u sulke belangrike inligting het en u maak nie 'n aantekening daarvan nie? -- As gevolg van daardie/... (20)

K38.1357

- 1003 -

MOSTERT

daardie inligting was Botha gearreesteer.

Ja, maar u maak geen aantekening van die inligting nie in die dossier? -- Ek weet nie of adjudant-offisier Rossouw 'n aantekening daarvan gemaak het nie, ek kan gaan vasstel.

Nou wil ons hê wat was die inligting wat u gekry het? -- Die inligting was dat dit in die gange van BSB gefluister is dat Calla Botha betrokke was by Webster se moord.

Was dit die betroubare inligting? -- Dit was van 'n be-troubare persoon afkomstig. (30)

U het gesê dit is betroubare inligting?-- Op daardie stadium.

Ja, ek sien, gaan maar voort.

MNR. McNALLY: 'n Fluistering in die gange is betroubare in-ligting. Is dit wat u sê? -- Dit het van 'n betroubare persoon af gekom dat 'n mens verwag dat hy ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, hy is betroubaar om te sê daar is 'n fluistering in die gange, maar dit maak nog nie die fluistering betroubaar nie. Ja, gaan voort.

MNR. McNALLY: In elk geval is dit dan die inligting wat u gehad het dat dr. Webster deur Calla Botha vermoor is. Is dit al (10)
inligting wat u gehad het? -- Nee, nie dat hy hom vermoor het nie, maar dat hy betrokke was.

Betrokke was by die moord? -- Ja.

Is dit al inligting wat u gehad het? -- Op daardie stadium.

Goed, dan gaan ons verder, 4.19, lees dit asseblief? --

"4.19 'n Tweede aansoek word geloods vir die vrylating van Barnard.

Die aansoek is onsuksesvol."

Ja, is dit korrek dat u ter opponering van daardie aansoek 'n verklaring gemaak het op 12 Januarie 1990? -- Dit

is/...
(20)

K38.1440

- 1004 -

MOSTERT

is korrek.

Ek wil 3.1 van daardie verklaring aan u voorlees en dan wil ek u hulp vra met die interpretasie van daardie passasie. Dit lui soos volg:

"Sedert ek betrokke geraak het by die ondersoek na die moord op dr. Webster soos voormeld, het dit aan die lig gekom dat daar 'n geheime organisasie in die land bestaan met lede uit alle vlakke van die maatskappy wat hom in die breë beywer om met geweld en intimidasie 'n skrikbe-wind onder linkse radikales (30)
te voer. Die organisasie is verantwoordelik vir verskeie

gewelddade soos onder andere moord, aanranding, brandstigting ensovoorts. Volgens die inligting waaroor ek beskik is die organisasie verantwoordelik vir die moorde op beide dr. Webster en advokaat Lebowski en voorts is dit my inligting dat hierdie moorde gepleeg is om 'n politieke oog-merk te bereik."

Is dit korrek dat u in 'n verdere beëdigde verklaring, gedateer 10 April 1990 uitgebrei het op daardie passasie wat ek so pas aan u gelees het? -- Dit is korrek.

Ek dink hy is voor u. -- Dit is korrek.

(10)

Daardie verklaring sal C22 wees mnr. die Voorsitter. Sal u vanaf paragraaf 4 van daardie verklaring lees asseblief? --

"4.Ek bevestig dat ek inligting van Barnard verkry het dat daar 'n geheime organisasie in die land bestaan met lede uit alle vlakke van die maatskappy, wat hom in die breë beywerhet om met geweld en intimidasie 'n skrikbewind onder linkse radikales te voer."

Moet ek voortgaan?

Asseblief? --

"5./...

(20)

K38.1523

- 1005 -

MOSTERT

"5.Ek bevestig voorts die korrektheid van die stelling in paragraaf 3.1 dat dit aan die lig gekom het dat die organisasie verantwoordelik is vir verskeie gewelddade.

6.Ek het in paragraaf 3.1 voorbeelde van gewelddade genoem, naamlik onder andere moord, aanranding, brandstigting ensovoorts. Ten aansien van hierdie stellings verduidelik ek soos volg:

6.1Hierdie inligting is bekom enersyds van mnr. Barnard self en andersins uit onafhanklike ondersoeke en af-leidings wat gemaak is uit hoofde van bestaande feite en

(30)

inligting.

6.2 Wat moord aanbetref, is verwys na advokaat Lebowski se moord in Suidwes-Afrika. In hierdie geval is ek die beskeie mening toegedaan dat die BSB met die moord verbind kan word.

6.3 Alhoewel dit nie genoem is in paragraaf 3.1 (voor-meld) nie, was daar aanduidings en koppelings tussen die BSB en poging tot moord of sameswering om moord te pleg op mnr. Gavin Adams en Abdullah Omar."

Ja, Adams moet Evans lees daar né? -- Ja, Evans.

(10)

Gaan voort? --

6.4 Die beskrywing "brandstigting" is miskien 'n ongelukkige woordkeuse. Die bedoeling was om hier te verwys na die aan die brand steek van die motor van mnr. Roskam, 'n studenteraadslid van die Universiteit van die Witwatersrand. Daarbenewens was daar ook sameswering om brand te stig ten aansien van 'n drukpers in Athlone, Kaap.

6.5 Wat betref aanranding, word verwys na die aanranding

op/...

(20)

K38.1569

- 1006 -

MOSTERT

op eerwaarde Frank Chikane, deur gifstowwe aan sy toilet te laat aanbring. Hierdie inligting is aan my verstrek deur mnr. Barnard.

6.6 Daarbenewens kan verwys word na die gewelddadige bomontploffing te die Early Learning Centre in Athlone.

Die inligting in hierdie verband het ook gekom van mnr. Barnard.

7. 'n Politieke motief het duidelik geblyk uit die aard van die misdrywe waarna ek hierbo verwys het. Die geweldsdade was, onder meer almal gerig teen persone

(30)

wat bedrywig was met linkse politiek of het met sodanige bedrywighede verband gehou."

Ja, daardie tweede verklaring van u handel met advokaat Lebowski se moord, maar dit handel nie met dr. Webster se moord, maar in die passasie wat ek aan u voorgelees het uit u verklaring van 12 Januarie 1990, maak u die stelling dat dié organisasie, naamlik BSB verantwoordelik is vir verskeie geweldsdade soos onder andere moord, aanranding, brandstigting ensovoorts en dan gaan u voort:

"Volgens die inligting waaroor ek beskik is die organisasie verantwoordelik vir die moorde op beide dr. Webster en advokaat Lebowski." (10)

So nou kom die vraag op watter inligting het u die stelling gebaseer dat die BSB verantwoordelik was vir die moord op dr. Webster? -- Ferdie Barnard was met die Ier ... (tussenbei)

Acheson? -- Acheson verbind. Ferdie Barnard is met BSB verbind, Calla Botha is ook met Acheson verbind en as ons kom by die geval van mnr. Bruce White, was beide lede van BSB, Botha en Barnard daar betrokke by die monitering van mnr. Bruce White. Bruce White was, het geskakel met dr. Webster.

(20)
Barnard/...

K38.16663

- 1007 -

MOSTERT

Barnard en Botha het hulle opdragte in daardie geval van iemand gekry. Al afleiding kan wees van BSB, want hulle het gewerk vir BSB. Dan het ons die Early Learning Centre geval in Kaapstad wat ook op die lappe gekom het, die bomont-ploffing. Dit was ook deur lede van BSB gepleeg. Dan het ons ook die geval van mnr. Gavin Evans wat ook deur lede van BSB of 'n erkende lid van BSB gemonitor was en 'n moordpoging moes op hom uitgevoer word. Dan het ons Abdullah Omar wat ook op dieselfde wyse betrokke was en as ek al die goed bymekaar vat, plus die inligting wat nou nog (30)

by die Hiemstra-kommissie aan die lig gekom het, is daar net -
ons kan nou nie daaroor praat
nie.

VOORSITTER: Ons is nou in Januarie. -- Januarie, maar in elk geval
op daardie stadium is dit die inligting wat tot ons be-skikking
was en ek kan geen ander afleiding maak dat dit en gekoppel aan
die naamlose inligting wat ons gekry het, is dit al afleiding wat
ek kan maak dat hier 'n organisasie betrokke is. Daardie
organisasie het ons nou eers op 'n later stadium vasgestel wie
dit nou is.

(10)

Nee, maar ek het 'n probleem. Daar is 'n geweldige verskil
tussen afleiding uit inligting en inligting en as - mnr. McNally
sal u net weer die stelling herhaal wat ...?

MNR. McNALLY: Ja, die passasie lui soos volg:

"Volgens die inligting waaroor ek beskik is die organi-sasie
verantwoordelik vir die moorde op beide dr. Webster en
advokaat Lebowski."

VOORSITTER: Met ander woorde wat ek vir u wil sê is dat wat daar
staan is dat u het die inligting, nie dat u 'n afleiding maak omdat
daar ander moorde gepleeg is en ander optredes was, daarom het
u dit gedoen nie en ek dink daar is 'n wesenlike
verskil/...

(20)

K38.1749

- 1008 -

MOSTERT

verskil en u as speurder ken daardie verskil tussen 'n afleiding
van feite en feite. Stem u saam dat op daardie stadium het u
'n afleiding gemaak van feite wat nie direk aan dr. Webster se
dood gekoppel kan word nie? -- Ja, maar nou ek het nie genoegsaam
feite om 'n hofsak te loots nie, maar ek het genoegsame feite
gehad om 'n artikel 29 aanhouding te kry en hierdie verklaring
moet ons sien in die lig van 'n artikel 29 aanhouding.

(30)

As sprekend vir myself. As ek die regter was wat in daardie

saak gesit het, sou ek gedink het, selfs al is dit 'n artikel 29, dan sou ek aanvaar het dat u feite gehad het en nie afleidings van diverse feite gemaak het nie toe u daardie stelling gemaak het nie. -- Dié sake was voor die regbank ge-wees. Daar was uitspraak gegee. Ek kan dit nou nie kritiseer nie.

Ja-nee, maar die uitspraak is gebaseer op die bewerings onder eed wat u gemaak het. -- Dit was nooit aangeval gewees in elk geval nie.

MNR. McNALLY: In elk geval is dit dan so dat u nie inligting oor beskik dat die BSB verantwoordelik is vir vir moord op dr. Webster (10) nie, maar dat u wel afleidings maak uit sekere ander feite dat hy moontlik deur die BSB vermoor was? -- Op watter stadium nou, moet ek daardie ... (tussenbei)

12 Januarie 1990. -- Ek sal met u, ja, ek kan u gelyk gee.

Ja, goed, 4.20 van BEWYSSTUK C20 asseblief? -- Watter een is dit nou?

VOORSITTER: Dit is u eerste verklaring. -- Waar is ons nou by?

MNR. McNALLY: Bladsy 5 paragraaf 4.20. --

"4.20 /...

K38.1834

- 1009 -

(20)
MOSTERT

"4.2028 Januarie 1990: Op hierdie datum spreek ek mnr. Verster vergeswel van (ek moet dit net korrek - dit is 29 Januarie) Op hierdie datum spreek ek mnr. Verster vergesel van regsverteenvoerders, waartydens ek hom sekere vrae vra waarop hy versuim om te antwoord. Daarop stel ek sekere vrae op skrif wat aan sy; regsverteenvoerders oorhandig word en waarop Verster mettertyd antwoord, soos tans blyk uit die beëdigde verklaring van mnr. Pieter Johannes Verster, gedateer (30) 2 Februarie 1990, wat tans voor die Kommissie dien."

Dit is nog nie ingehandig nie, maar dit sal wel later

ingehandig word. Ja, gaan voort? --

"4.21 2 Februarie 1990: Die Harms-Kommissie van ondersoek word aangestel deur die Staats President.

4.227 Februarie 1990: Mnr. Abram (Slang) van Zyl word gearresteer en aangehou kragtens die bepalings van artikel 29."

Kan ons net 'n bietjie daar stilstaan? Is dit korrek dat hy ook 'n aansoek om sy vrylating geloots het? -- Dit is korrek.

Eintlik sy vrou wat die applikant was? -- Sy vrou het dit gelei, ja.

En op bladsy 6 van u opponerende beëdigde verklaring in daardie geval wat gedateer is 12 Februarie 1990 het u die volgende (10) paragraaf 2.11 gemaak en die passasie lui soos volg:

"In die loop van my ondersoek het ek vasgestel dat die vermelde geheime organisasie verantwoordelik is vir verskeie voorvalle van moord, brandstigting, bomontploffings by geboue, aanrandings en intimidasie."

-- Dit/...

K38.1905

- 1010 -

MOSTERT

-- Dit is korrek.

So die strekking daarvan is min of meer dieselfde as in die (20) vorige passasie, né, maar u maak weer die bewering dat die BSB verantwoordelik was vir verskeie voorvalle van moord. U het seker Lebowski en Webster daar in gedagte gehad? -- Ja.

Dan wat brandstigting aanbetref, wat het u in gedagte gehad daar? -- In werklikheid is dit die motorkar wat aan die brand gestek is, alhoewel daar was ander brandstigtings gewees van radikale persone se eiendom, maar op hierdie stadium sal ek dit seker nie in verband kan bring nie.

Bomontploffings, in die meervoud, by geboue, wat het u daar (30) in gedagte gehad? -- Eintlik die bomontploffing by die Early Learning Centre in Kaapstad.

In die enkelvoud? -- In die enkelvoud.

Want u praat hier in die meervoud van bomontploffings en dan praat u verder van aanrandings en intimidasie. Wat het u daar in gedagte gehad? -- Ek het dit reeds genoem daar van Chikane, dit is ... (tussenbei)

VOORSITTER: Mnr. Chikane. -- Dit is intimidasie en aanranding, asook op Desmond Tutu, die fetus in die tuin, dit is ook 'n vorm van intimidasie.

MNR. McNALLY: Gepraat van hierdie eerwaarde Chikane, u het melding gemaak dat gifstof op sy toilet na bewering geplaas was. (10)

Ons kon nie die bron van daardie brokkie getuienis van u opspoor nie? -- Dit was verkry van Ferdie Barnard.

Ek dink ons het insae gehad in Ferdie Barnard se artikel 29 verklaring, maar ons kon nie op daardie punt kom nie, daardie brokkie getuienis dat die gifstof op sy toilet geplaas was? -- Ja-nee, dit was van Ferdie Barnard afkomstig.

VOORSITTER: Het hy dit moontlik mondeling vir u gesê? -- Dit is/...

K38.1994 - 1011 - MOSTERT (20)
is moontlik. Daar is mondelingse mededelings ook gemaak wat nie in die verklaring vervat is nie.

MNR. McNALLY: Want in die koerante het 'n mens gelees van moontlike gifstof in sy klerasie? -- Dit is korrek, ek het dit ook gelees.

U sê Barnard het spesifiek vir u gesê dat die gifstowwe op die toilet van eerwaarde Chikane geplaas was? -- Dit is korrek, ja.

Goed, gaan voort dan asseblief met 4.23? --

"4.2319 Februarie 1990: 'n Verklaring word uitgereik waarin (30)
gemeld word dat die Weermag die bestaan van die BSB die vorige naweek (te wete 17 tot 18 Februa-rie 1990)

geopenbaar het na aanleiding van bewerings vervat in
mnr. Slang van Zyl se aansoekstukke om sy vrylating.

4.2428 Februarie 1990: Mnr. Theuns Kruger word gearres-
teer en sy perseel deursoek te Bronkhorstspruit. Daar vind 'n
deursoeking en beslaglegging plaas by die hoofkantoor
van BSB.

4.252 Maart 1990: Mnr. Joe Verster word gearresteer en aangehou.

4.267 Maart 1990: Die Harms-Kommissie reik subpoena's uit vir
getuienislewering deur mnr. Van Zyl, Verster en Kruger.

4.278 Maart 1990: Die artikel 29 aanhoudings van elk van die
voormelde hkers word opgehef as gevolg van ministeriële
opdrag. (10)

5. In hierdie stadium was ek ook bewus van die volgende feite wat
ek hierin vir die gerief van die Kommissie soos volg opsom:

5.1/...

K38.2059

- 1012 -

MOSTERT

5.1 'n Naamlose oproep is ontvang van 'n persoon wat meegedeel het
dat hy gedurende 'n sekere nag 'n persoon in 'n vertrek
gesien het wat hy herken het as mnr. Staal Burger. Die
inhoud van 'n gesprek wat hy in daardie stadium
afgeluister het is aan die ondersoekspan deur die
beriggewer verstrek. Na aanleiding van die gemelde
berig is 'n verdere persoon geïdentifiseer, maar eht
die ondersoekspan nog nie met daardie persoon in
verbinding getree nie. Dit word geglo dat daardie
persoon oor getuienis beskik wat waarskynlik van nut
kan wees vir die ondersoek-span in die uitvoerign van
die ondersoek." (20)

Kan ons 'n bietjie daar stilstaan? Ek dink net meer as
'n maand het nou verloop sedert u hierdie verklaring gemaak het. (30)

Is daardie aspek nou opgevolg en afgehandel? -- Ja, die ons het

die opvolgwerk gedoen en ons het sekere positiewe inligting daar gekry. Daar was wel so 'n - ons het vasgestel dat daar wel so 'n voorval was, maar nie die gesprek was, wat beweer was, dié is, hoe sal ek nou sê, fiktief. Daar was nie 'n gesprek gewees in die lig wat ons die inligting gekry het nie.

Het u 'n verklaring bekom van die verdere persoon wat in hierdie paragraaf genoem word? -- Nog nie op hierdie stadium nie.

Ons beskerm die persoon op hierdie oomblik.

Goed, 5.2? --

"5.2 Ek het nou redelike sekerheid dat een van die bronne (wat ek
nie nader kan omskryf nie uit vrees dat die bron
geïdentifiseer ag word) opsetlik foutiewe inligting aan
die ondersoekspan verstrek het en dat dit gedoen word
met 'n sinistêre motief. Op grond

van/...

K38.2139

- 1013 -

MOSTERT

van evaluering van die bron se inligting en die om-ringende feite en omstandighede het ek 'n redelike vermoede dat die bron inderdaad 'n lid van BSB kan wees."

(20)

Kan u ons dan op hierdie stadium vertel watter bron hierdie is, watter van die bronne wat u in u vorige paragrawe gemeld het?

-- Dit is die bron wat ons genoem het wat ... (tussenbei)

Is dit in 4.8? -- Laat ons net sien. Dit is 4.8.

VOORSITTER: Nou ek moet nou aflei uit wat u hier sê dat hierdie bron vir u gesê het dat BSB betrokke was by die moord op dr. Webster?

-- Die bron van (tussenbei)

Ja, hierdie besondere bron. -- Wat ons (tussenbei)

Ja. -- Laat ons net sien.

Net om op te som. -- Watter bladsy is dit?

Op bladsy 7, paragraaf 5.2, die een wat die opsetlike foutiewe inligting aan u gegee het. -- Nee.

(30)

Het dié bron weggewys van die BSB? -- Weggewys van BSB.

Met ander woorde persone geïdentifiseer wat nie by BSB is nie? -- Ja, dit is korrek.

Maar ek het dan verstaan dat daar 'n bron is wat spesifiek na BSB toe gewys het en wat verkeerde inligting gegee het? -- Op hierdie stadium, ons soek dokumentasie ...

(tussenbei)

Antwoord net die vrae wat ek u vra. Ek het verstaan, want dit is wat aan my meegedeel is dat hierdie betrokke bron het vir u gewys na BSB? -- Nee-nee, dié betrokke bron het ons in 'n ander rigting gewys, maar ons het 'n vermoede dat dit 'n BSB bron is. (10)

Ons kon dit nog nie vasstel nie, omdat ons nog nie die dokumente beskikbaar het nie.

MNR. McNALLY: /...

K38.2239

- 1014 -

MOSTERT

MNR. McNALLY: U sou daardie persoon gekonfronteer het met die bewering dat daardie persoon 'n lid was van die BSB. Is dit al gedoen? -- Ons kon die persoon, dit is ontwykend, die persoon was weg gewees, ons het haar per telefoon gekontak. Op hierdie stadium het ons nog nie by haar weer uitgekóm nie. (20)

Gaan dan voort, paragraaf 6? --

"6.As gevolg van die deursoekings en beslagleggings wat op 28 Februarie 1990 te Bronkhorstspruit en te die hoofkantoor van die BSB plaasgevind het in die teenwoordigheid van beamptes van die Kommissie van Ondersoek, bevind die ondersoekspan hom tans in die volgende netelige posisie:
6.1Direk na die deursoeking en die beslaglegging het die amptenare van die Kommissie van Ondersoek beslag gelê op talle bewysstukke.

6.2Alhoewel ek nie op hoogte is van wat presies die Kommissie bekom het as gevolg van die beslaglegging nie, glo ek dat die

(30)

Kommissie in besit is van 'n lys van skuilname tesame met werklike name van lede van die BSB. Ek benodig sodanige lys of lyste om dit te kan vergelyk met lyste wat ek in my besit op die oomblik het ten einde te probeer om getuienis te korroboreer sodat persone geïdentifiseer kan word wat waarskynlik oor inligting beskik wat die onder-soekspan behulpsaam kan wees in hulle ondersoek."

U praat van korroborerende getuienis, het u inderwaarheid enige getuienis en ek praat nie van inligting of selfs be-troubare inligting nie, maar getuienis in die vorm van beëdig-de verklarings van wie dr. Webster vermoor het? -- Ek het geen beëdigde verklarings wie dr. Webster vermoor het nie. (10)

Goed/...

K38.2313

- 1015 -

MOSTERT

Goed, gaan voort met paragraaf 7? --

"Ek het 'n werklike vrees dat indien ek verplig sou wees om getuienis in hierdie stadium van die verrigtinge voor die Kommissie af te lê die ondersoek na die Webster-moord ernstige skipbreuk sal ly. Ek sê dit om die volgende redes: (20)

7.1Die artikel 29 aanhoudings van mnr. Verster en Kruger, onder andere, is opgehef om hulle in staat te stel om voor die Kommissie te getuig.

7.2In hierdie stadium het daardie twee here nog nie getuienis gelewer nie.

7.3Ek het 'n werklike vrees dat, indien hulle in staat gestel sal word om uit te vind wat die feite is waaroor die ondersoekspan in hierdie stadium beskik en op 'n indirekte wyse insae te verkry in die in-ligting vervat in die ondersoekdossier, dit die ondersoek na die Webster-moord ernstig sal benadeel. (30)

7.4 Ek het 'n werklike vrees dat indien regsverteer-woordigers toegelaat word om my te kruisverhoor op die feite en inligting wat tans tot die kennis van die ondersoekspan strek, die inligting nie opgevolg sal kan word nie weens die feit dat die bronne waarna ek verwys het moontlik geïdentifiseer kan word en dat sodanige bronne moontlik mag verdwyn. Ek vrees verder dat ander persone wat gekontak moet word in 'n poging om inligting te bekom, in 'n posisie geplaas mag word waardeur foutiewe inligting gefabriseer kan word aan die hand van my getuienis aangaande die feite wat tans aan die ondersoekspan bekend is." (10)

Brigadier/...

K38.2368

- 1016 -

MOSTERT

Brigadier daardie keuse van u is uitgespreek in hierdie verklaring gedateer 5 April 1990 en dit was as gevolg van daardie vrese wat u uitgespreek het dat u nie op daardie stadium geroep was nie. Bestaan enige van daardie vrese nog by? -- Beslis.

Watter vrese bestaan nog? -- Ons moet nog baie mense nader.

(20)

Maar u het 'n maand gehad om sulke mense te nader? -- 'n Moordsaak word nie in 'n maand se tyd opgelos nie.

Nee, maar dit is nou 'n jaar? -- Dit kan jare duur.

Dit is 'n jaar sedert dr. Webster vermoor is? -- Dit is heeltemal korrek. 'n Moordsaak van hierdie aard word nie net in 'n dag of twee opgelos nie. Dit is 'n lang moeisame pad, inligting wat opgevolg moet word, mense wat moet gespreek word en dit skep vir my 'n probleem.

Gaan voort dan asseblief, paragraaf 8? --

"Opsommenderwys moet ek meld dat, alhoewel ... (tussenbei)

(30)

Nee, paragraaf 8, asseblief? --

"Bowendien word ek geadviseer dat die inhoud van die

ondersoekdossier geprivilegieerd is en dat ek nie by magte is om inligting wat daarin vervat is in die huidige stadium van die ondersoek, openbaar te maak nie."

Maar ek dink in daardie verband het u nou verduidelik dat dit wat in die dossier staan, nie beëdigde verklarings bevat wat enige koppelpunt toon tussen die moord van dr. Webster en enige moontlike beskuldigde nie? -- Ja, maar hy bevat wel beëdigde verklarings wat by 'n later stadium moontlik in hof-sake gebruik word en daardie persone moet ek beskerm.

VOORSITTER: Soos wat? Soos wie die lyk vervoer het en wie
(10)
die/...

K38.2450 - 1017 - MOSTERT

die lykskouing gedoen het? -- Nee, dit is nie die geval nie.

MNR. McNALLY: Watter tipe verklaring praat u nou van? -- Ek is nie bereid om dit vir u op hierdie stadium te sê nie, maar dit is ooglopend. Daar is verklaringe wat in 'n hofsaak wel van waarde sal wees.

Praat u van die artikel 29 verklaringe? -- Nee, ek praat nie van die artikel 29 verklaringe nie. Dié het ek vir u beskikbaar
(20)
gestel.

Goed, gaan voort met paragraaf 9? --

"9. Opsommenderwys moet ek meld dat, alhoewel ek toegee dat die vordering met die ondersoek frustrerend stadig geskied, ek nie in hierdie stadium kan sê dat daar geen vordering gemaak word nie. Baie hang af van die inligting wat moontlik aan die lig mag kom wanneer die persoon in paragraaf 5.1 genoem, in verbanding getree word. Toevallig sal daar vandag, te wete 5 April 1990, sodanige nuwe inligting aangaande die persoon se verblyfplek
(30)
oftewel waar die persoon hom mag bevind, opgevolg word."

Kan u asseblief nou op 8 Mei 1990 die Kommissie op datum bring

wat hierdie paragraaf aanbetref? -- Daardie persoon was opgespoor
gewees, dit was negatief, maar as gevolg daarvan het ons 'n ander
persoon opgespoor wat weer positief is.

So die stryd gaan voort? -- Hy gaan altyd voort.

En paragraaf 10? --

"10. Die bedoeling is om so gou moontlik die bron wat
volgens my geloof disinformasie aan die polisie bekend maak te
konfronteer met die bewering dat die bron 'n BSB-lid
is en opsetlik die ondersoekspan van die spoor probeer
afgooi."

(10)
U/...

K38.2528

- 1018 -

MOSTERT

U sê u het nog nie by haar uitgekom nie? -- Nog nie by haar
uitgekom nie.

Paragraaf 11? --

"11. Uiteraard hang veel af van wat bereik gaan word met bovermelde
twee aangeleenthede. Ek onderneem graag teenoor die
agbare Kommissie dat ek die Kommissie in kennis sal stel
indien en sodra daar geen vordering met die ondersoek
na die Webster-moord gemaak word nie. In die lig van
voormelde kan ek egter nie met
oortuiging sê dat geen vordering gemaak word nie."

Kan u met oortuiging sê dat vordering gemaak word om dit nou
in die positiewe te stel? -- Ja, daar word wel vordering gemaak.

VOORSITTER: Maar wat het gevorder sedert die begin van vanjaar
of in Desember verlede jaar toe u nou geweet het dat of geglo het
dat Lebowski deur BSB doodgemaak is en BSB, X, Y en Z gedoen het
en u u afleiding gemaak het, wat het - of wat u hier sê, wat het
nou bygekom wat toon dat daar vordering is? -- Ons sit op hierdie
stadium in dié posisie dat toe ons vir mnr. Verster en mnre. Van
Zyl en Kruger ingevolge artikel 29 gearresteer het, terwyl ons

met die ondervraging besig was is daar dagvaardings op hulle gedien dat hulle hier voor die Kommissie moet verskyn en sedertdien kon ons nie met hulle verder werk nie.

Waar kom u daaraan?-- Daar was subpoena's gedien op hulle.

Maar wie sê u kan hulle nie ondervra nie vir die polisie-ondersoek nie. Ek het spesifiek vir die advokaat gesê dat u kan ononderbroke aangaan met die - die ding is teenoor my geopper in kamers op die dag toe ek hierdie verklaring gekry het of kort daarna en ek het gesê u kan aangaan met u ondersoek.

Ek/...
(10)

K38.2616

- 1019 -

MOSTERT

Ek keer u nie om aan te gaan met u ondersoek nie. Ek het uitdruklik vir u advokaat in my kantoor gesê. Nou gaan u en u gaan pers toe en u sê u het my toestemming nodig om met getuies te praat. Waar kom u daaraan? Waar kom u daaraan? -- Ons was in die wiele gery deur die feit ... (tussenbei)

U het gesê u het my toestemming nodig om met getuies onderhoude te voer. Ek vra vir u waar kom u daaraan en ek het uitdruklik vir die advokaat gesê u kan aangaan met u ondersoek, u het nie my toestemming nodig nie. -- Ek is nie bewus daarvan nie, maar ek het u toestemming gevra uit respek vir die Kommissie. (20)

Wel hy, die hele klagte was aan my voorgelê dat die Kommissie die werk in die wiele ry en ek en u advokaat het 'n konsultasie gehad en die uitslag daarvan was gewees dat, ek sal lievers nie die inhoud van die konsultasie voorlê nie, maar ek dink ons het daarop uitgekóm dat u onverstoord met u ondersoek kan voortgaan. -- Ons het wel voortgegaan sonder om met hierdie getuies in te meng.

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, miskien kan ek help om die verwarring te probeer opklaar. Daar mag 'n misverstand wees hier, nie oor wat u gesê het nie, wat u sê is heeltemal korrek, ek bevestig (30)

dit, maar ek het 'n gedagte dat die getuie dink in terme van artikel 29 aanhoudings mnr. die Voorsitter. Ek is net nie seker of daar nie miskien 'n verwarring was nie.

VOORSITTER: Ja, maar ek het ook vir u gesê mnr. Visser as u die mense wil aanhou onder artikel 29 kan u hulle aanhou onder artikel 29 ek het geen gesag daaromtrent nie. Ek het sekere sienings daaromtrent, dit het ek ook vir u gesê. Ja, gaan maar voort mnr. McNally.

MNR. McNALLY:/...

K38.2711

- 1020 -

(10)

MOSTERT

MNR. McNALLY: Maar spesifiek in die gevalle van Ferdie Barnard en Calla Botha het hulle nou klaar getuig en hulle is van verdere bywoning verskoon. Wat is die probleem daaromtrent? -- Ek het op hierdie stadium nie 'n probleem met hulle nie. Ek het klaar van hulle wat ek wou gehad het.

Van wie het u nie wat u wil hê nie? -- Ek het van mnr. Verster het ek nog nie 'n verklaring nie.

VOORSITTER: Behalwe die verklaring wat u vroeër na verwys het? -- Dit is korrek.

(20)

Waar hy nie die vrae antwoord wat u aan hom stel nie? --
Antwoord nie, presies.

MNR. McNALLY: Maar niks verbied u om vandag of gister of môre met hom te kommunikeer nie, sien u dit nou so?-- Die subpoena wat gedien is, is gemeld dat dié heer voor die Kommissie moet getuig om getuienis af te lê. Indien ek nou weer 'n artikel 29 of altans voordat hy getuienis, artikel 29 op hom sou toe pas of hom sou ondervra sou sy advokaat in elk geval beswaar gemaak het, maar dit kan vertolk word as om hom te intimideer en ek dink as 'n getuie hier voor die Kommissie verskyn dan moet hy vry en bereidwillig wees om sy getuienis te gee. Daarom bly ek weg van getuies wat gesubpoena is om voor hier-die Kommissie te verskyn en so ook met

(30)

die Hiemstra-kommissie. Ek wag totdat dit afgehandel is om intimidasie te of miskien 'n moontlike beskuldiging van intimidasie te voorkom.

VOORSITTER: O so, dit is nie 'n kwessie dat u ons toestemming nodig het soos die koerante berig het nie, maar u uit eie keuse glo dat dit kan as intimidasie geïnterpreteer word? -- Dit is korrek.

MNR. McNALLY: Hoe ver het ons gelees brigadier, kan u my help?

VOORSITTER:/...

K38.28115

- 1021 -

(10)
MOSTERT

VOORSITTER: Dit is onder aan paragraaf, u is klaar met para-graaf 11, ek dink die res is nie - dit gaan maar oor die aansoek wat destyds gedien het. Ek dink nie die res is belangrik nie.

MNR. McNALLY: Goed, ek wou u juis vra oor 'n verslag wat in die Sunday Times verskyn het van 29 April vanjaar. It is in English and it says:

"Brigadier Mostert said he would investigate Mr de Swardt's alleged involvement in the Webster shooting."

En dan word u aangehaal:

(20)
"But the Harms and Hiemstra Commissions are a tremendous stumbling block. We cannot proceed in this case in the normal way. Before a witness at either Commission can be questioned by the investigating officers trying to solve murder cases the police have to get permission from one of the presiding judges and then subpoena the witnesses."

Die berig gaan voort:

"He said he was now in the process of asking Judge Hiemstra for permission to interrogate Johannesburg

Municipality's former security training officer, Mr Hannes Gouws."

(30)

Nou ek wil u eers vra of u wel gesê het dat hierdie Kommissie 'n

struikelblok is in die pad van die ondersoek van die onder-soeke waarmee u tans besig is? -- Inderwaarheid, ja.

U het? -- Vir die redes wat ek hier genoem het dat die mense subpoena is, hulle het agt weke wat hulle nog nie voor die Kommissie getuig het nie.

En is dit so soos dit hier gestel word dat u die gedagte gehad het dat u nie 'n getuie kon nader alvorens u toestemming van/...

K38.2903 - 1022 - MOSTERT
(10)
van die voorsittende Kommissaris verkry het nie?-- Dit is heeltemal korrek. Op daardie stadium, in die geval van mnr. Gouws, was mnr. Gouws nog onder kruisverhoor en ek het inder-waarheid vir Regter Hiemstra toestemming gevra.

Maar niks verhoed u om 'n verklaring nou van mnr. Gouws te neem nie, né? -- Daar was 'n verklaring van mnr. Gouws geneem.

Het u reeds een geneem? -- Ja, nadat hy onder kruisverhoor was.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR ETE. DIE KOMMISSIE HERVAT NA ETE.

FLORIS JOHANNES MOSTERT, nog steeds onder eed: (20)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BURGER: Toe u vanoggend hier gekom het was dit baie duidelik dat u nie baie geneë was om vandag hier te kom getuig nie. Is dit korrek, is my afleiding reg?-- Dit is reg.

Hoekom nie? -- Ek het gevoel dat die ander getuies voor my moet getuig en dat dit van my kant af nie reg is om nou getuienis te gee nie om eerlik te wees.

Hoekom nie? -- Die mense wat moet nog getuig ... (tussenbei)

Nee, maar hoekom moet hulle voor u getuig? -- Hulle sit en luister op die oomblik wat ek getuig.

Maar u het nie veel gesê nie, het u? -- Dit is u afleiding. (30)

Kom ons kyk 'n bietjie na u eerste verklaring wat u gemaak

het in verband met Barnard, paragraaf 3.1 daarvan op bladsy 6.

-- Watter datum?

Ek gaan nou vir u die datum gee. Dit is 12 Januarie 1990 en dan wil ek hê moet u terselfdertyd voor u hou, die verklaring wat u gemaak het in verband met Botha, dié het 'n

nommer/...

K39.0078

- 1023 -

MOSTERT

nommer, nee. Laat ek net vir u die datum daarvan ook gee? --

11 Desember.

(10)

11 Desember 1989. -- Dit is reg, watter paragraaf is dit, watter bladsy?

Dit is op bladsy 3, paragraaf 3.2. -- 3.2?

Kom ons lees eers die eerste een, bladsy 6, paragraaf 3.1: "Sedert ek betrokke geraak het by die ondersoek na die moord op dr. Webster soos vermeld het daar aan die lig gekom dat daar 'n geheime organisasie in die land bestaan met lede uit alle vlakke van die maatskappy."

Kom ons stop eers net daar. Van wie het u hierdie inligting gekry van die bestaan van hierdie geheime organisasie? -- Van 'n bron.

(20)

Van 'n bron, nie van Barnard nie? Hoekom huiwer u? -- Voordat ek met Barnard te doen gehad het en ek het genoem in my verklaring het ek dit ook gedurende, ek sal nou vir u sê waar is dit in my verklaring, in my verklaring 4.2: "Tussen 9 Junie 1989 en 29 Augustus het ek dit van 'n bron inligting gekry en daarna het ek van Barnard inligting gekry toe ons hom die eerste keer ondervra het ingevolge, toe ons die hulp aan Namibië gegee het in die ondersoek.

U het van 'n bron inligting gekry van die bestaan van 'n geheime organisasie. Is dit wat u sê? -- Dit is reg.

(30)

Wat het hierdie bron vir u gesê wat is die oorsprong van die organisasie, wat is die aard daarvan? -- Ek kan dit nie vir u

openbaar nie.

Ag maar, watse geheimhouding is daar nou aan, ons weet tog almal ons het uiteindelik verwys na BSB? Hierdie organisasie wat u ...? -- Ek beskerm nie BSB nie, ek beskerm die

bron/...

K38.0130

- 1024 -

MOSTERT

bron.

Nee, ek vra nie vir u die bron se naam nie, ek vra vir u wat het die bron gesê is die aard van die organisasie? -- Dat daar 'n organisasie is wat Webster vermoor het. (10)

O, is dit. Die bron het dit toe in hierdie stadium reeds vir u gesê? -- In daardie stadium, ja.

En wat het hy vir u gesê wat is die aard van hierdie organisasie? Is dit 'n linkse groep of 'n regse groep, 'n Re-eringsgroep? -- Op daardie stadium het dit gedui op 'n weermagorganisasie.

'n Weermagorganisasie, reeds in daardie stadium? -- Ja.

Het die bron dit spesifiek aan u so vermeld? -- Ja, maar ek kon, op daardie stadium kon ek geen feitlike inligting daarvoor bekom nie. (20)

En ek veronderstel soos 'n goeie speurder het u toe dadelik met die weermag in verbinding getree? -- Nee.

Hoekom nie? -- Ek het nie feite gehad nie. Dit was nie feitlik gewees nie.

Goed, u sê en hierdie organisasie het hom in breë beywer om met geweld en intimidasie 'n skrikbewind onder linkse radikales te voer. Ons kyk wat het u gesê in die geval van Botha, paragraaf 3.2 op bladsy 3:

"Volgens die inligting waaroor ek beskik het voor arrestasie van die aangehoudene ingevolge artikel 29 en wat afkomstig is uit verskeie beroubare bronne is die oogmerk van die vermelde (30)

moorde en ander optredes ..."

En dan gaan u voort, maar kom ons kyk nou net eers nou het ons verskeie ...? -- Dit is nou Botha se aansoek?

Ja, paragraaf 3.2. Nou verwys u na verskeie betroubare bronne, wie was hulle? -- Een van die bronne was Barnard.

Het/...

K39.0190

- 1025 -

MOSTERT

Het u hom as betroubaar beskou? -- Op daardie stadium.

Ek sien, hoekom het u hom nie toe losgelaat nie? -- Ek het
(10)
nie rede gehad om hom andersins te beoordeel nie.

Hoekom het u hom toe nie losgelaat nie? -- Wanneer was dit
gewees.

Toe hy aansoek doen om vrygelaat te word. U beskryf hom in hierdie selfde aansoek beskryf u vir Botha nou, in Botha se aansoek beskryf u vir Barnard as 'n betroubare bron. Hoekom laat u toe nie vir Barnard los nie? -- Op daardie stadium het ons nog sekere inligting by hom gesoek.

Hoekom vra u dit nie vir hom nie, hy is 'n betroubare bron, hy gaan dit vir u gee? -- Ons het dit vir hom gevra.

(20)

En het hy dit vir u gegee? -- Ek dink ons het hom leeg getap.

Met ander woorde hy het dit vir u gegee brigadier? -- Dit is korrek.

Hoekom het u hom toe nie losgelaat nie? -- Hy was op 'n stadium losgelaat.

Hy is later losgelaat? -- Ja, hy is later losgelaat.

En Barnard het vir u gesê onder andere dat die oogmerke van die vermelde moorde en die ander optredes is om enersyds die huidige politieke oogmerke van die regering van die Repu-bliek van Suid-Afrika om alle bevolkingsgroepe te betrek by die regering van die land teen te werk en in die war te stuur en sodoende
(30)
staatkundige en politieke verandering in stryd met die huidige

bestel te bewerkstellig. Het Barnard vir u gesê dit was sy oogmerke? -- Dit was die afleiding wat ons gemaak het in die optredes wat daar was.

Ek vra het Barnard vir u gesê dit was die oogmerke van sy organisasie? -- Verskoon tog.

VOORSITTER:/...

K39.0235

- 1026 -

MOSTERT

VOORSITTER: Ek lei af dat u antwoord is nee, u het dit nie by Barnard gehoor nie dat dit die oogmerke is nie?-- Nee, kyk nee, ek sal dit nie so stel nie. Barnard het vir ons sekere oogmerke gegee, maar die inligting wat ek by Barnard gekry het en die tonele wat ons gehad het, dit gee vir jou 'n prentjie. (10)

MNR. BURGER: Die vragie is eenvoudig het Barnard vir u gesê dat dit wat ek nou aan u voorgelees het die oogmerke was van die organisasie waaraan hy behoorthet? -- In sekere mate, ja.

En u het dit as betroubaar beskou? -- Ek het dit as be-troubaar beskou.

Hy het daardie stadium reeds vir u gesê hy behoort aan BSB? -- Nee, hy het eers op 'n later stadium met die BSB uitgekom. (20)

Wanneer, onthou hy is nou al leeg getap? -- Ekskuus?

Ek sê onthou net hy is nou al leeg getap, wanneer het hy vir u van BSB vertel? -- Dit was gedurende Desember.

Desember. -- Ja.

Wanneer in Desember? -- Ek kan nie nou onthou nie.

Maar op 11 Desember het hy nog nie vir u gesê nie? -- Barnard of Botha?

Op 11 Desember toe u hierdie verklaring gemaak het, het Barnard nog nie vir u vertel van BSB nie? -- Ek kan nie nou uit die vuus uit sê nie. (30)

Want ek verneem dat Barnard het reeds op 2 Desember vir u

van BSB vertel? -- Dit kan moontlik wees.

Maar dan het u op hierdie stadium reeds geweet ...? -- Dit is nog altyd gedurende Desember.

Verskoning, dan het u op hierdie stadium reeds geweet van die bestaan van die BSB? -- Wat Barnard vir my gesê het, ja.

Ja, en hy was 'n betroubare bron? -- Korrek.

U/...

K39.0290

- 1027 -

MOSTERT

U het geglo dat dit die oogmerke was van BSB? -- Volgens die (10)
afleiding wat ons gemaak het uit die tonele.

Nee, nie afleidings nie. Ek vra het hy dit vir u gesê?--
Hy het sekere feite vir ons gegee.

Brigadier, ek vra nie of hy feite gegee het waarvan u
af-leidings gemaak het nie. Ek vra het hy vir u gesê dat hierdie
wat ek vir u gelees het die oogmerke was van BSB? -- Ja kyk, hy
het in die eerste instansie voordat die BSB genoem is, het hy vir
ons gesê dat dit is 'n groep sakemanne wat sulke oogmerke het en
dit was voor die tyd ... (tussenbei)

Dit was voor sy arrestasie nog gewees? -- Na sy arrestasie. (20)

Ja en voor sy arrestasie het hy dit vir Jumbo Smit gesê? --
Dit is korrek.

Ja en op 2 Desember het hy reeds vir u vertel van die be-staan
van BSB. -- Ja, dit is korrek.

Nou vra ek weer vir u en asseblief hierdie antwoord is
belangrik. Het hy vir u gesê dat hierdie oogmerke soos hier deur
u uitgestippel is die oogmerke van BSB? -- Ek sal moet sy verklaring
raadpleeg.

Terwyl ons van verklarings praat, die artikel 29 verklarings
aan wie het u dit almal verskaf? -- Ek het die ar-tikel 29 (30)
verklarings aan die Kommissie verskaf.

Aan? -- Aan die Kommissie.

Maar voordat die Kommissie dit nou nog gekry het vir wie het u dit nog gegee? Ek wil hê u moet baie mooi dink daaroor.

-- Ek het dit by hoofkantoor ingegee.

Ja, vir wie nog? -- En die advokate wat met die aansoeke gewerk het.

Het u dit nie ook vir ander regspraktisyns gegee nie? --

Nee/...

K39.0344

- 1028 -

MOSTERT

Nee.

(10)

Watter advokate verwys u na wat met die aansoeke gewerk het?

-- Dit is die staatsadvokate.

Die staatadvokate. Het u dit vir mnr. Jumbo Smit gegee? -- Ek dra nie kennis dat hy een het nie. Ek het persoonlik nie vir hom gegee nie.

En u het dit ook nie vir enige ander regsverteenvoerder gegee nie? -- Ek het dit vir geen ander regsverteenvoerder gegee nie.

Ek sien. Ek wil hê ons moet weer begin by die eedsverklaring wat u vandag gelees het, bladsy 2 daarvan, paragraaf 4.1 het u dit daar, dit is BEWYSSTUK C20.

(20)

VOORSITTER: Is dit die eerste verklaring, C20?

MNR. BURGER: Het u dit daar?

VOORSITTER: Is dit die eerste verklaring?

MNR. BURGER: BEWYSSTUK C20.

VOORSITTER: Is dit die eerste verklaring, C20.

MNR. BURGER: C20.

VOORSITTER: Dit is die eerste verklaring?

MNR. BURGER: Ja, 4.1. Nou u meld in 4.1 dat die twee persone gearresteer is Botha en Barnard op 9 Junie. Is dit reg? -- Dit is korrek.

(30)

Webster is reeds vermoor op 1 Mei? -- Dit is korrek.

Hierdie, wat hulle ookal gedoen het, die verdagte om-standighede wat hulle in gevind is kon niks te doen gehad het met die dood van Webster nie? -- Nie op daardie stadium nie.

Nee, 4.2 op 9 Junie ontvang u 'n naamlose oproep van 'n bron? -- Dit is korrek.

Dit is so dat die polisie baie naamlose oproepe ontvang. Is dit reg? -- Nee, hierdie was nie, dit is korrek.

Ja/...

K39.0388

- 1029 -

MOSTERT
(10)

Ja, dit is 'n naamlose oproep. Ek sê dit is korrek so dat die polisie baie naamlose oproepe ontvang.

VOORSITTER: Die advokaat sê nie in hierdie geval nie, in die algemeen kry u dikwels naamlose oproepe? -- In die algemeen, ja.

Ons kry baie naamlose oproepe, maar in hierdie geval het ek dit teruggespoor na die persoon toe.

MNR. BURGER: Ja. En in baie gevalle is hierdie naamlose oproepe wat ontvang word niks werd nie? -- In baie gevalle is dit baie werd ook.

Ja, maar in baie gevalle is dit ook niks werd nie? -- Ek moet toegee. (20)

En uit die aard van die saak kontroleer u eers 'n naamlose oproep voordat u daarop steun?-- Presies.

Het u dit in hierdie geval gedoen? -- Ja, ek het nou net so gesê.

Het u al u naamlose oproepe gekontroleer? -- Persoonlik, nee.

Het u enigeen van hulle persoonlik gekontroleer? -- Ja.

Watter een? -- Hierdie een.

Net hierdie een? -- 4.2

Dit is die enigste een wat u gekontroleer het, hoekom het nie die ander gekontroleer nie? -- Ek is nie al een wat onder-soek nie. Die ondersoekspan het die meeste van die werk gedoen. Ek (30)

het net die leiding gegee.

Het die ondersoekspan enige van die naamlose oproepe ge-kontroleer? -- Hulle het.

Almal? -- U sal vir hulle moet vra.

Maar u as hoofondersoekbeampte het tog sekerlik hierdie goed gekontroleer? -- Nee, dit is onmoontlik om dit in alle gevalle te doen, want ek staan net aan die stuur van sake en

hierdie/...

K39.0438

- 1030 -

MOSTERT

(10)

hierdie goed word gedoen.

Maar aan die stuur van sake dan vra u tog seker vir u ondergeskiktes, maar hierdie ander twee bronne wat ons het wat naamloos is, wat het julle gevind toe julle dit gekontroleer het? -- Presies, ons doen dit, maar ek kan nie nou vir u kategorie sê kyk dit is almal opgevolg nie. Daar mag wees wat so vaag en onbenullig was dat dit nie opgevolg is nie en dit was 'n naamlose oproep.

Die bronne vermeld in u eedsverklaring is hulle gekontroleer? -- Die bronne in my eedsverklaring, hierdie een nou, wat nou voor my is?

(20)

Ja. -- Ja.

Nie deur u persoonlik nie? -- Nee.

VOORSITTER: Behalwe hierdie een.

MNR. BURGER: Behalwe hierdie een? -- Maar ek het terugvoering gekry van die ander wat ek reeds oor getuig het vanoggend.

Goed, wat was die aanvanklike terugvoering wat u gekry het ten aansien van daardie bron? -- Na watter verwys ons nou

VOORSITTER: 4.2 -- 4.2, hierdie een het ek persoonlik mee gedeel, dit is persoonlike kennis.

(30)

MNR. BURGER: Goed, 4.6 verwys u weer na 'n bron, 4.8 verwys u na 'n bron? -- Hierdie is 'n bron van Kaapstad en het ek nie persoonlik

mee gedeel nie.

VOORSITTER: Ja-nee, ons weet nou wie dit is. 4.8 is die ...?

-- Dié weet ek is opgevolg.

Dit is die persoon wat julle probeer mislei? -- Wat ons nou nie baie goed vorder nie.

Wat julle nou nog die probleem het? -- Ja, wat ons nie baie ... (tussenbei)

Maar was daar nie 'n vorige, die bron in 4.2 was hy nie ook/...

K39.0483

- 1031 -

(10)
MOSTERT

ook, het daardie persoon u nie ook mislei nie? -- Ekskuus tog?

Die eerste bron wat u ontvang het, die eerste oproep, het daardie persoon u ook mislei? -- Nee, nadat as 'n mens nou alles bymekaar vat dan is dit nie so nie, dan het hy ons nie mislei nie.

Nee, maar die detail inligting was dit korrek gewees? -- Met die inligting wat ons nou tot ons beskikking het kan ons sê ja, dit was korrek gewees, maar dit is ook - u sien hierdie persoon kan jy nie gebruik as 'n getuie nie, want hy het dit weer op 'n ander bron gekry.

(20)
MNR. BURGER: U was aanvanklik onder die indruk dat BSB verbind kan word met die moord op dr. Webster? -- Kom net weer asseblief?

U was aanvanklik onder die indruk dat BSB verbind kan word met die moord op dr. Webster? -- Dit is korrek.

Toe blyk dit soos ons nou vanoggend gehoor het dat daardie inligting eintlik nie bestaan nie. Is dit erg? -- Nee, ek is nou meer onder die indruk dat BSB betrokke is.

Maar het ek u nie reg verstaan dat u op 12 Januarie 1990 geen feite gehad het waarop u kon sê dat BSB verantwoordelik is vir die moord op dr. Webster nie? -- Nee, ek het inligting gehad.

(30)
Ek het reeds vanoggend vir die Regter gesê wat die posisie was.

Brigadier, het ek u verkeerd verstaan toe u vanmôre vir my

geleerde vriend, mnr. McNally, gesê het dat op 12 Januarie 1990 het u nie feite gehad waarop u kon sê dat BSB verantwoordelik is op die moord op dr. Webster nie? -- Ek het goeie inligting gehad daaromtrent. Feitlik nee.

U het geen feite gehad nie? -- Op hierdie stadium het ek nog nie feite wat ek in 'n hofsaak kan voorlê nie, maar ek het goeie/...

K39.0546

- 1032 -

MOSTERT

goeie inligting.

(10)

Ja, ten spyte daarvan het u persverklarings gemaak waarin u aangedui het dat BSB verantwoordelik is vir die moord op dr. Webster?-- Ek het geen persverklarings gemaak nie.

Ons sal hulle vir u wys. -- U kan maar, ek het nie.

U het ook eedsverklarings gemaak waarin u daardie feit vermeld? -- Dit is in hierdie artikel 29 aansoeke.

Ja, daarin het u onder eed verklaar dat u feite het op grond waarvan u sê dat BSB verantwoordelik is vir die moord op dr. Webster.

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, u moet my buite orde reël as ek verkeerd is, maar ek glo die getuie het in daardie eed-verklarings gepraat van inligting, nie feite nie. Soos ek die getuie verstaan met respek, mnr. die Voorsitter, is hy besig om 'n onderskeid te probeer maak. Of dit reg is of verkeerd is is nie nou ter sake nie. (20)

VOORSITTER: Wat is die presiese bewoording mnr. Burger?

MNR. BURGER: Volgens inligting, dit is nou in die Barnard aansoek, bladsy 6, paragraaf 3.1:

"Volgens die inligting waaroor ek beskik is die organisasie verantwoordelik vir die moorde op beide dr. Webster en advokaat Lebowski en voorts is dit my inligting dat hierdie moorde gepleeg is om politieke oog-merke te bereik." (30)

MNR. VISSER: Nie feite nie mnr. die Voorsitter. -- Is u tevrede?

MNR. BURGER: Dankie, is dit wat u gesê het? -- Wel, dit staan daar.

Ja. Het u toe u agtergekom dat daardie inligting nie be-troubaar is nie dit ooit probeer regstel, hierdie indruk wat u

geskep/...

K39.0590

- 1033 -

MOSTERT

geskep het? -- Watter inligting wat nie betroubaar was nie?

(10)

Hierdie inligting dat BSB verantwoordelik is vir die moord op dr. Webster. -- Waarna verwys u nou?

Ek verwys na die feit dat daar geen inligting is op grond waarvan u enigiemand kan arresteer nie. -- Daar is geen feite nie, maar inligting is daar.

Nee die inligting soos ons reeds gehoor het is hoorsê en in gevalle was daar nie eers gesprekke gehou nie, is die ge-sprekke nie bestaanbaar nie. Is dit korrek so en onbetroubare bronne? -- En dan het ons natuurlik die 29-verklarings ook.

VOORSITTER: Wat alles ontken wat Webster aanbetref? -- Presies, (20) maar wat vir ons 'n omgewing skep bykomend daarby. Op hierdie stadium het ons nog die getuienis wat voor die Hiemstra-kommissie gelei is wat nog moet opgevolg word.

MNR. BURGER: Hoekom het u artikel 29-verklarings nou net probeer noem as staving vir hierdie inligting dat BSB vir Webster vermoor het? -- As u alles saamvat soos ek dit van-oggend dit saamgevat het, moet ek dit weer doen, u het seker gehoor ... (tussenbei)

Nee, die vraag is eenvoudig, hoekom het u nou net die artikel 29-verklarings probeer byhaal as staving vir die feit dat u sê BSB verantwoordelik is vir die moord op dr. Webster?

(30)

-- Moet ek dit nou maar weer opnoem? As u vat ... (tussenbei)

VOORSITTER: Met ander woorde wat u sê, ek dink mnr. Burger wat

die getuie gesê het is dat die verskillende geweldshandelingen wat genoem word in die 29-verklarings tel hy bymekaar en dan kry hy die moord op Webster.

MNR. BURGER: Dankie mnr. die Voorsitter. In paragraaf 4.9 op bladsy 4 van verklaring sê u aan die einde September, begin/...

K39.0650

- 1034 -

MOSTERT

begin Oktober 1989 die ondersoekspan praat met mnr. Barnard. In hierdie stadium deel Barnard mee dat daar binne die Republiek van Suid-Afrika 'n geheime organisasie bestaan met lede uit alle vlakke van die maatskappy wat hom in die breë beywer om met geweld en intimidasie 'n skrikbewind onder linkse radikales te voer. (10)

Hy deel verder mee dat 'n persoon met die skuilnaam Louis sy opdraggewer is. Hy verstrek inligting aangaande 'n sekere dubbelagent te wete Dermot McQuillan wat moontlik 'n verbintenis het met Acheson. Het Barnard inderdaad hierdie inligting vir u gegee en in hierdie stadium? -- Dit is korrek en hier word Barnard, dit kan gestaaf word. Die McQuillan geval kan gestaaf word.

Dit is nou in die tydperk September tot Oktober 1989. Nou laat ons net kyk wat sê u toe in u eedsverklaring op 12 Januarie 1990, paragraaf 3.6. Dit is nou in verband met die verklaring van Barnard: (20)

"Uit hoofde van die antwoorde wat die aangehoudend tydens ondervraging verstrek het (hy het alle kennis van en betrokkenheid by die organisasie, die moorde en ander optredes ontken) en as gevolg van verdere inligting wat daarna bekom is wat sy betrokkenheid bo twyfel plaas, het dit vir my duidelik geword dat die aangehoudende besig is om waardevolle inligting met betrekking tot die Lebowski-moord, die Webster-moord en die geheime organi-sasie van die polisie te weerhou." (30)

Hoe ruim dit? -- Ek volg u nie nou nie?

VOORSITTER: Wat mnr. Burger aan u stel is, in paragraaf 4.9 van hierdie verklaring sê u hoe Barnard u vertel het van die geheime organisasie, dit dat en die volgende en in daardie verklaring het u gesê dat Barnard het alle kennis van die

geheime/..

K39.0710

- 1035 -

MOSTERT

geheime organisasie ontken. -- Hy het alle kennis met betrokkenheid tot die organisasie, die moorde en die ander op-tredes ontken wat inderwaarheid so is. Hy het alles ontken omtrent Lebowski. Hy het alles ontken omtrent Webster en daar is ander gevalle wat hy eers betrokkenheid erken het en toe later dit ontken het. (10)

MNR. BURGER: Maar dit het u nie gesê nie. U stel dit hier as 'n feit dat hy alle betrokkenheid en kennis van die organisasie ontken.

VOORSITTER: Met ander woorde die punt gaan oor die kennis van die organisasie. Hy ontken alle kennis van die organisasie. Dit is die punt waarom dit gaan, terwyl hy tog nie alle kennis ontken het nie. -- Die bedoeling is daar dat hy die moorde, hy is nie betrokke daar nie. Hy het alle kennis daarvan ontken, maar die organisasie het bestaan. (20)

Nee. -- Ek volg nie nou nie.

MNR. BURGER: Kom ek lees dit weer vir u? -- Nee, dit is goed ek kan ook lees.

Nou maar goed lees dit dan antwoord u vir ons en lê klem op die woorde "kennis van" en "betrokkenheid by die organisasie" en onthou terloops dit is die man wat u leeg getap het.

VOORSITTER: Laat ek dit vir u so stel. Sien u 'n verskil tussen die twee verklarings of nie, net in die bewoording, vergeet nou maar van die - vind u 'n verskil tussen die twee stellings? -- Ek dink wat hier bedoel is, is dat hy het alle kennis ontken van (30)

die moorde en die optredes, maar ons wou verder gehad het van hom van die organisasie, wie die te-sourier, wie dit was, wie dat was en daar op daardie stadium het hy dit nie vir ons gegee nie.

Dit is al wat ek kan dink.

As/...

K39.0787

- 1036 -

MOSTERT

As ek op hierdie stadium - ek kan nie nou vir u 'n antwoord gee daarop nie.

MNR. BURGER: Goed, lees vir ons 4.13 dan in u verklaring C20: (10)

"Daarna maak Barnard sekere mededelings aangaande voormelde geheime organisasie en die organisasie se aktiwiteite aan die ondersoekspan."

Dit is nou November 1989. -- Dit is korrek.

Maar in Januarie 1990 sê u hy het alle kennis en betrokkenheid ontken? -- Ja kyk, dit is die stap-vir-stap hoe dit gegaan het.

Op 'n latere stadium het hy dit erken, oor-spronklik het hy nie BSB byvoorbeeld genoem nie. Dit was net 'n organisasie van sakemanne. Later het die BSB bygekom, later het dit bygekom.

Goed op 2 Desember sê u op bladsy 5, 4.17 maak Barnard 'n (20) verklaring waarin hy BSB by name identifiseer. Die ondersoekspan besluit om hierdie inligting geheim te hou. Wie was daardie lede van die ondersoekspan wat hierdie besluit geneem het? -- Dit is ek, ekskuus tog, adjudant-offisier Rossouw, kolonel van Coller, konstabel Lloyd en ons is uitgeklaar met generaal Joubert.

En watter doel sou dit nou dien om die bestaan van BSB geheim te hou? -- Op daardie stadium het ons gevoel dat ons nie BSB moet openbaar maak nie.

Hoekom nie? -- Dit kan miskien ons ondersoek belemmer het.

In watter opsig? -- Volgens Barnard was hy baie bevrees vir (30) BSB en het hy vertel van hoe mense verdwyn en hoe mense buiteland toe gestuur word indien hulle probleme het hier. Dit is daar om

dit te voorkom. Hy het op 'n stadium ook 'n aansoek gerig via sy vader. Altans sy vader het 'n aansoek

gerig/...

K39.0873

- 1037 -

MOSTERT

gerig, maar dat hy dit toe later teruggetrek het omdat hy bevrees was om losgelaat te word.

U het darem seker by hom vasgestel wie die mense is wat verdwyn het, dat dit in die lug hang dat hulle nou doodgemaak is? -- Later het dit vir my baie duidelik geword dat hier 'n soort van 'n vreespsigose onder die lede gesaai word. (10)

Nee brigadier, Barnard vertel nou vir u ek behoort aan 'n vreeslike organisasie, hierdie mense laat mense verdwyn, met ander woorde hulle word doodgemaak. U vind darem seker as goeie speurder by hom uit wie is hierdie mense wat doodgemaak is, dalk nog 'n paar onopgeloste moorde wat u sou kon oplos? -- Daar was genoem.

Wie het hy vir u genoem? -- Hy het byvoorbeeld 'n persoon genoem, ek dink dit is 'n persoon wat êrens in Swaziland of in Mosambiek geskiet was.

Wie was hierdie persoon? -- Ek weet nie wie die persoon was nie. (20)

VOORSITTER: Het hy name genoem? -- Nee, 'n agent het hy genoem.

MNR. BURGER: U het nie vir hom die naam gevra nie? -- Op daardie stadium was buitelandse gewees. Ons het nie op daardie stadium daarin belang gestel nie.

Wou u nie die volledige besonderhede kry of hierdie man nie dalk uit die binneland geneem is tot in Swaziland en daar vermoor is nie? -- Ons het nie daarby uitgekom nog nie.

Nou nog nie? -- Nee.

En u het hom vir hoeveel weke daar in aanhouding gehad en hoeveel dae ondervra, maande? -- Ons het nie daarby uitgekom nie. (30)

Ons is besig met sy ondervraging daaglik.

Ja brigadier. Verster wat hier vermeld in sy verklaring
van/...

K39.0931 - 1038 - MOSTERT

van 2 Februarie 1990, paragraaf 4.20, hy was die man wat vir u
gesê het hy het stories gehoor oor die moord op Webster? -- Nee.

So in die gang af?-- Nee.

En u het vir hom daarna uitgevra en hy het vir u gesê al wat
hy gehoor het is dit wat in die koerante staan? -- Ek het hom
uitgevra daarvoor, maar dit is nie hy wat dit gesê het, die stories
nie. (10)

U het in elk geval lank voor 19 Februarie toe bekend gemaak
is, amptelik bekend gemaak is van die bestaan van BSB, het u geweet
van die bestaan van BSB, u het reeds in Desember geweet? -- Ja,
ek het dit, ek dink ek het samesprekings met generaal Badenhorst
gehad. Eintlik u weet, laat ek dit net heeltemal regstel, is dat
ons het twee name gehad wat ver-warrend is en dit is Spesmagte
en Militêre Intelligensie. Op 'n later stadium het BSB bygekom
wat ons toe nou werklik 'n identifikasie gemaak het.

Ek meen 'n mens kon dit nou in een oomblik vasgestel het wat
die verskil is, maar dit nou daar gelaat. Die punt wat ek wil
maak is, u het in vroeg Desember, 2 Desember, reeds geweet van
die bestaan van BSB. U sê dit ook in u eie eedsver-klaring. --
Ja-nee, ek maak nie 'n geheim daarvan nie. (20)

Maar op 11 Desember praat u van 'n organisasie waaraan hierdie
mense behoort, paragraaf 3.2 op bladsy 3, wat die regering van
die land teenwerk, huidige politieke bestel wil omverwerp
ensovoorts, terwyl u geweet het hulle behoort aan BSB? -- Dit is
ooglopend. Ek sê ons het dit verswyg om 'n taktiese rede.

VOORSITTER: Ja, maar dan vertel u mos nie die waarheid vir die
hof nie. U kan mos nie om taktiese redes feite aan die
(30)

hof/...

hof verswyg of verdraai nie. -- Op daardie stadium was dit 'n organisasie gewees en dit was ook nog nie amptelik deur weermag erken nie.

MNR. BURGER: Maar brigadier, met alle eerbied ...? -- Ons het besluit ons gaan nie die BSB se naam bekend maak nie.

U het reeds met die weermag samesprekings gevoer? -- Ja-nee, korrek.

U het vir hulle vrae gestuur wat hulle moet vir u probeer oplos by BSB? -- Nie op daardie stadium nie. Nie op daardie stadium
(10)
nie.

U het geweet van die bestaan van die BSB, u het sy hele organisasie geken, u het geweet ...? -- Nee, ek het nie sy hele organisasie geken nie. Ons het net op, ek dink dit is op 27, ek sal nou vir u sê ek het die datum hier, ja, 26 November het ek met generaal Badenhorst samesprekings gevoer en toe was dit nog Militêre Intelligensie of Spesmagte gewees, maar nog nie BSB nie.

Maar op 2 Desember was dit BSB? -- Toe het ons al geweet van BSB, ja. Dit was nie amptelik deur generaal Badenhorst erken
(20)
van die bestaan van BSB nie. So dit was nie amptelik nie en ons wil nie net 'n organisasie se naam in die wind gegooi het nie en ons het dit tot vandag toe nog nie gedoen nie.

Toe u nou moet hierdie eedsverklaring opstel, wat u opgestel het op 11 Desember 1989, het u dit vir u advokaat genoem van die bestaan van BSB, wat u by Barnard gehoor het in verband met hulle sodat u advokaat kan besluit wat hier ingesit moet word in hierdie paragraaf? -- Dié verklaring is almal opgestel in samewerking met die regsafdeling, die regsentrum en senior advokate.

Ja/...
(30)

Ja, ek wil dit net so vir u stel, ek ken my geleerde vriend, mnr. Maritz, hy sal nie ander mense se gedagtes hier insit nie, dit sal u gedagtes wees as u dit teken? -- Heeltemal korrek.

Is dit so, reg was dit u gedagtes hierdie of is dit nou die regsafdeling se gedagtes? -- Nee, dit is my gedagtes hier-die en die bestaan van hierdie organisasie het natuurlik baie skrikwekkend vir my advokate voorgekom.

Sê vir my brigadier, hoekom is hier onder eed leuens vertel? -- Daar is nie leuens vertel nie.

Maar hierdie paragraaf 3.2 is mos nie die waarheid nie? --
(10)
Ek het gemeld van 'n organisasie wat bestaan en die doelstellings van die organisasie nie.

Solank u nie die hele waarheid vertel nie, is u mos besig om die hof te mislei. -- Op daardie stadium was daar geen amptelike erkenning nie. Dit is Barnard se verklaring wat alleen gestaan het.

Maar u kon mos net die weermag gebel het en vir hulle gevra het oor die bestaan van BSB? -- Dit is nie so "simple" nie. Dit is nie so maklik soos u dit nou stel nie.

Het u vir u minister gevra? -- Ek het slegs op een geleentheid
(20)
met my minister gesels. Ek het op een geleentheid met generaal Badenhorst gesels.

Maar u kon mos vir generaal Badenhorst gevra het of daar so 'n organisasie bestaan dat hy dit vir u uitvind, u kon dit vir u minister ook gevra het? -- Dit is 'n moeilike situasie. Ek het geen terugvoering van die weermag ontvang of dit BSB was of nie was nie. Hy was nie amptelik erken nie. Eers hier voor 19 Februarie is dit erken. Ek dink dit is 'n week voor die 19de.

VOORSITTER:/...

erken. -- Daardie Saterdagoggend is dit amptelik op Sapa erken.

Dit is die eerste keer wat dit werklik, en ek het toe in die volgende eedsverklaring het ek dit genoem, want toe was dit amptelik erken.

MNR. BURGER: Want as u sien as 'n mens kyk na paragraaf 3.2 soos u dit gestel het, mense wat die regering wil omverwerp ensovoorts, dan blyk dit hierdie deeltjie is ingehou om te verhoed dat Botha vrygelaat word, want dit is so dat hy nie sy vryheid kry nie, sy aansoek nie moet slaag nie? -- As watter deeltjie? As ek BSB, die organisasie se naam ingevoeg het dan het Botha bes moontlik bly sit. (10)

Nee-nee, u spekulêer nou daaroor, net soos oor baie ander goed.-- Ja, maar almal spekulêer.

VOORSITTER: Nee-nee, wat die advokaat vir u sê is die stelling dat die oogmerk van die organisasie is om die regering omver te werp is 'n noodsaaklike verklaring, want anders kan u nie die mense onder artikel 29 aanhou nie. Is dit nie so nie? Artikel 29 is tog net vir mense wat 'n oogmerk ...? -- Artikel 54(1), (2) of (4) oortredings of inligting het omtrent daardie oortredings.

Goed, so met ander woorde u moes die stelling maak, kom ons vergeet of dit nou reg of verkeerd is, maar regtens ge-sproke moes u verklaar alvorens u hulle kon aanhou of verder aanhou dat hulle besig was met handeling of het 'n oogmerk gehad om die regering van die dag omver te werp. --Ja, dit is die vermoede wat daar moes gewees het. (20)

Dit is reg. -- Die vermoede was daar gewees.

Nou die vraag is nou is u vermoedes nou daarop gebaseer deurdat hulle vir Lebowski gedood het en die Early Learning

Centre/...

... (tussenbei)

Is dit nou alles handeling om die regering omver te werp?
-- Nie die regering omver te werp nie, maar om 'n gedeelte van die publiek iets te laat doen of nie te laat doen nie.

MNR. BURGER: Nou u sien u het in hierdie paragraaf baie naby aan die bewoording van die wet ook gekom. Ek stel dit aan u dat u opsetlik die hof in die Botha-aansoek mislei het. -- Ek ontken dit.

Ek kom nou weer by die Webster-moord en feite, bladsy 8 van u verklaring, C20, dit is nou u vrese wat u nou ...? -- Watter
.....? (10)

VOORSITTER: Paragraaf 7 op bladsy 8 van die ...? -- Bladsy 8, paragraaf 7, ja.

MNR. BURGER: U sê eers in die aanhef: "Die ondersoek na die Webster-moord kan skipbreuk ly" en dan sê u dit om die volgende redes:

"7.3 Ek het 'n werklike vrees dat, indien hulle in staat gestel sal word om uit te vind wat die feite is waaroor die ondersoekspan in hierdie stadium beskik en op 'n indirekte wyse insae te verkry in die in-ligting vervat in die ondersoekdossier, dit die ondersoek na die Webster-moord ernstig sal benadeel."
(20)

Ek het twee vrae vir u daaruit voortspruitend. Eerstens, wie is die hulle na wie u verwys, wie is die persone? -- Ek is nie bereid om die persone te identifiseer nie, want dit is verklarings wat in die dossier is.

VOORSITTER: Nee-nee, ek verstaan dit nie. Dit is mos nie 'n informant/...

informant nie. Hoe kan u nou sê dat die blote feit dat u iemand se naam in die dossier opgeskryf het beteken nie u kan weier om

die vraag te antwoord nie? -- Dit is nie 'n kwessie dat dit opgeskryf is nie. Dit is 'n verklaring wat geneem is en daardie persoon of persone is baie-baie belangrik in hierdie ondersoek en dit is belangrik dat hulle identiteit nie openbaar word nie.

Is dit nou getuies of is dit informante? -- Dit is getuies. Nee, dit is nie informante nie, dit is getuies. Dit is getuies wat die saak kan laat swaai en dit is vir my net onmoontlik om daardie getuies te openbaar.

MNR. BURGER: Maar lees net weer paragraaf 7 asseblief?

VOORSITTER: Dit gaan oor beskuldigdes brigadier, met alle liefde. (10)

7.3 kan op geen manier geïnterpreteer word as om betrekking te hê op 'n getuie nie. U sien 7.4 gaan oor getuies. 7.3 gaan oor beskuldigdes.

MNR. BURGER: En in die trant van u verklaring is dit Kruger en Verster. -- En Van Zyl wat ook toe dan losgelaat was.

Goed, nou het ons die drie name. Nou wat is die feite waaroor u beskik wat in die dossier is? -- Ek kan dit nie aan u openbaar nie.

Sê u vir my onder eed dat daar feite, nie inligting nie, feite in u lêer is wat Kruger, Verster en Van Zyl met die Webster-moord verbind? -- Nee, dit sê ek nie. (20)

Goed. Sê u dat daar feite in u ondersoeklêer is wat enigiemand anders met die Webster-moord verbind? -- Wat kan verbind.

Nee-nee. -- Ek sê dit nie, maar dit kan verbind.

Nee, u sê nie hier feite wat kan, u sê daar is sulke feite. -- Maar daar is sulke feite wat mense kan verbind.

Maar/...

Maar daar is nie feite nie. Kom ons kry dit reg. -- Daar is nie feite wat Verster en Kruger en Van Zyl kan verbind nie.

Daar is nie feite wat enigiemand op die oomblik met die dood van Webster verbind nie? -- Maar as ... (tussenbei)

Antwoord net my vraag asseblief? Is ek reg as ek sê daar is nie feite wat enigiemand met die dood van Webster verbind nie? -- Dit is korrek. Ek stem daar met u saam.

Dankie. Watter persone verwys u in paragraaf 7.4 na wat nog gekontak moet word en wat u nou nie belet is deur die Kom-missie se werksaamhede om mee te verbind nie? -- Daar is nog persone wat ons moet kontak en wat ons nog moet opvolg.

VOORSITTER: Vantevore het u terugverwys na paragraaf 5 die twee mense daar. -- Paragraaf 5, ja, dié het ons meegedeel. (10)

Ja. -- Dié het ons meegedeel. Dit was deel daarvan gewees toe op daardie stadium. Op hierdie stadium het ons al weer meer bygekry.

MNR. BURGER: En is hulle bekend aan u? -- Ekskuus?

Is hulle bekend aan u, het u hulle name?

VOORSITTER: U hoef nie hulle name te gee nie. Al wat die advokaat wil weet ...? -- Ek het name en ek het juis van-oggend inligting gekry wat ek moet opvolg wat ek ook name gekry het.

MNR. BURGER: Ek wil oorgaan na BEWYSSTUK C22, die volgende verklaring. Het mnr. Barnard vir u inligting gegee aangaande moorde of 'n moord? -- Na watter paragraaf verwys u nou? (20)

Ek verwys na paragraaf 6 en 6.1.

VOORSITTER: Al wat die advokaat wil weet is het mnr. Barnard vir u inligting gegee wat mnr. Barnard, niemand anders nie, mnr. Barnard vir u inligting gegee wat die BSB met een of meer moorde verbind? -- Praat ons net van moord, dit is die

Lebowski-moord/...

Lebowski-moord.

Nee-nee, die vraag is het Barnard vir u inligting gegee wat BSB met 'n moord verbind? -- Ja, die Lebowski-moord.

Het Barnard vir u gesê BSB is met die Lebowski-moord verbind? -- Ja, deur sy optrede.

Nee, dit is nie die vraag wat Barnard gedoen het nie. Die vraag wat aan u gestel is het Barnard vir u gesê dat die BSB is met die Lebowski-moord verbind? Ek vra nie wat se af-leidings u gemaak het oor wat hy gesê het nie, het hy dit vir u gesê? -- Ja, plus die ondersoeke wat ons toe gedoen het wat hom verbind. (10)

Met ander woorde Barnard het gesê die BSB het vir Lebowski doodgemaak? -- Nee-nee.

Nou-ja, dit is die vraag. Het hy gesê dat BSB iemand anders doodgemaak het? -- Nee.

Het hy vir u gesê dat BSB mnr. Roskamp se motor aan die brand gestee het? -- Botha het dit gesê.

Het Barnard vir u gesê dat hulle Roskamp se motor aan die brand gestee het? -- Nee, ek kan nie onthou nie, nee. Dit is heeltemal korrek. Daar het inligting van hom af gekom omtrent die brandstigting, heeltemal korrek. (20)

U weet dit is baie gevaarlik om te aanvaar van inligting wat van iemand af kom soos u dit sien? -- Maar dit is later bevestig deur Botha.

Ek vra u, het hy dit vir u gesê, Barnard, dat hulle BSB, Roskamp se motor aan die brand gestee het? -- Nie Roskamp se motor nie, maar 'n motor en toe het ons later by Calla Botha uitgevind watter motor dit was.

Hoe/...

Barnard sê vir jou hulle het 'n motor aan die brand gesteeek en dan sê Botha vir jou dit is Roskamp se motor wat Barnard van gepraat het. Verstaan u dit? -- Ek kan nie verstaan hoe u nou redeneer nie. Botha vertel vir my van 'n brandstigting van 'n motor en ons ondervra Botha daarvan en hy erken die voorval.

Bladsy 4, paragraaf 7:

"'n Politieke motief het duidelik geblyk uit die aard van die misdrywe waarna ek hierbo verwys het."

Wat was die politieke motief? -- Al hierdie persone wat genoem word en wat ek reeds genoem het, het 'n linkse politieke assosiasie.

(10)

Ja, ek wil amper sê "so what"? -- Ek kan dit ook sê.

VOORSITTER: Maar die vraag is, wat is die politieke motief? -- Die politieke motief is om sekere gedeeltes van die publiek iets te laat doen of nie te laat doen nie.

MNR. BURGER: U haal nou weer uit die wet uit aan vir ons? -- Mag ek nie.

VOORSITTER: Wat is die motief? Dit is 'n politieke motief, nou wat is die motief, om wat te doen? Dit is gerig teen linksgesindes, sogenaamde linksgesindes. Nou is dit om hulle te ontwrig of is dit om die staat te ontwrig? -- Deur hulle te ontwrig, word die staat ontwrig.

(20)

En word die staat omvergewerp? -- Nee, ontwrig.

MNR. BURGER: Ons sal daaroor argumenteer. Ek verwys na die verklaring, die geval van Barnard, die tweede verklaring, bladsy 3, paragraaf 2.3.

VOORSITTER: Bladsy 3.

MNR. BURGER:/...

K39.1590

- 1046 -

MOSTERT

MNR. BURGER: Bladsy 3, paragraaf 2.3. Daar was ook 'n geval in April 1989 waar daar op 'n aantal studente gevuur is? -- Waar is dit nou?

(30)

VOORSITTER: Ek weet nie waarna u nou verwys nie.

MNR. BURGER: Dit is die brigadier se verklaring, ek sal net vir u die datum kry, dit is op 12 Januarie 1990.

VOORSITTER: O, ekskuus, in die Barnard-saak?

MNR. BURGER: In die Barnard-saak, ja, die opponerende ver-klaring. -- Bladsy?

3, paragraaf 2.3, as u net daar begin lees: "Daar was ook 'n geval April 1989 waar daar op 'n aantal studente" en dan kan u omblaai en die volgende bladsy sê "gevuur is", sluit die paragraaf af. -- Dit is korrek.

Is daar inderdaad op hierdie studente gevuur? -- Dit is so. (10)

Is daar enigeen van hulle getref? -- Nee.

Nou waar is die koeëls deur die bus of hoe het dit, kan u vir ons 'n bietjie meer besonderhede gee?-- Nee, ek kan nie vir u daar besonderhede gee nie. Dit is bevestig.

Is dit nie die bus se wiel wat stukkend geskiet is terwyl hy gestaan het nie? -- Dit is heel moontlik. Ek het dit be-vestig dat die voorval plaasgevind het, maar verdere besonderhede het ek nie.

Het u ook nie in u verklaring gesê of aangedui dat hierdie hoorsê is en dat u nie persoonlike kennis daarvan dra nie? -- Daar is so 'n voorval. (20)

Nee ...? -- Daar is so 'n voorval, dit is 'n feit, daar is so 'n voorval.

Het u nie in u verklaring self gemeld dat hierdie 'n stukkie hoorsê getuienis is nie?-- Nee, ek het nie gemeld dat

dit/...

K39.1653

- 1047 -

MOSTERT

dit hoorsê is nie, maar dit is 'n feit wat ek uitgeklaar het.

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, maar met die grootste respek, (30)

wat kan dit anders as hoorsê wees, hy was die persoon wat daar

by gewees het om te sê?

MNR. BURGER: U meld weer op bladsy 5, paragraaf 2.8:

"Die Suid-Afrikaanse Polisie is tans besig met 'n omvattende en deurtastende ondersoek na moorde wat met 'n beweerde politieke motief gepleeg sou gewees het."

Is dit dieselfde politieke motief waarna u hier verwys as wat u voorheen gemeld het? -- Daar is natuurlik verskillende politieke moorde wat die polisie ondersoek, maar ek verwys spesifiek na die Lebowski en die Webster-moord.

My probleem is die volgende, kom ek gee dit vir u: As gevolg van die eedsverklarings wat u gemaak het en die pers-berigte wat as gevolg daarvan verskyn het is daar 'n persepsie geskep dat hier 'n klomp politieke moorde gepleeg is deur die BSB en al die mense wat hulle sou vermoor het was hierdie linkse aktiviste. Hulle is na bewering vermoor of verdwyn het of wat die geval ookal mag wees en u het met hierdie tipe van eedsverklarings het u geloofwaardigheid daaraan verleen. U is ook aangehaal saam met brigadier Jumbo Smit as twee polisiemanne wat sê dat die BSB verantwoordelik is vir hierdie wandade. -- Ek het nie in een van my eedsverklarings tot en met Van Zyl se aansoek BSB ooit gemeld nie. Ek het nooit 'n bewering gemaak, nooit hulle naam genoem nie. (10) (20)

En u het ook nie nadat BSB vermeld is enige poging aangewend om hierdie persepsie reg te stel nie? -- Nee, ek het nie, ek het nooit BSB betrek by enige persgesprek nie.

As u my net 'n oomblik sal vergun asseblief? Hoekom het u vir mnr. Barnard eers ingevolge artikel 50 ...

(tussenbei)/...

K39.1749

- 1048 -

MOSTERT

(tussenbei)

(30)

VOORSITTER: Mnr. Luitingh, kan u asseblief sagter fluister?

MNR. LUITINGH: Ek is jammer mnr. die Voorsitter.

MNR. BURGER: Hoekom het u vir mnr. Barnard eers ingevolge artikel 50 van die Strafproseswet in hegtenis geneem? -- Artikel 40(10)(b) gelees met artikel 50, heeltemal korrek. Artikel 29 is 'n statutêre instrument waar jy dwang kan uit-oefen en 'n man se swygreg van hom af wegneem, maar as jy hom onder artikel 40(1)(b) aanhou gelees met artikel 50 en jy waarsku hom, hy kan moontlik vir bekentenis maak of vir jou sekere inligting gee en jy moet hom eers vrae stel anders hoe kan jy hom onder artikel 29 aanhou as jy hom nie eers sekere vrae gestel het en hy wil jou nie die inligting gee nie. Met die gevolg dat kry hy eers 'n geleentheid (10) om 'n bekentenis te maak of 'n verduideliking te gee en as hy dan nie die inligting wil gee nie word hy aangehou onder artikel 29 as sy swygreg weggeneem word.

Nee goed en ek aanvaar dan dat u het geen bekentenis van mnr. Barnard gekry nie totdat u sy aanhouding omgeskakel het in artikel 29 aanhouding nie? -- Dit is korrek.

En ook daarna het u geen bekentenis van hom gekry nie? -- Nee, of sal ek dit so stel nie 'n amptelike bekentenis nie.

Ja, hy het nooit erken hy het vir Webster vermoor nie? -- (20)
Nee.

So het Botha dit nooit erken nie? -- Nee, dit is korrek.

So het Van Zyl dit nooit erken nie? -- Presies.

So het Verster dit nooit erken nie? -- Presies.

En so het Kruger dit ook nooit erken nie? -- Presies.

Niemand het dit aan u erken nie? -- Nee.

Ek is jammer mnr. die Voorsitter, ek sal nou by u wees.

KRUISONDERVRAGING/...

K39.1854

- 1049 -

MOSTERT

(30)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Daar is heelwat vrae.

Dit mag wees dat ek 'n bietjie oorvleuel. Ek sal u vra om geduldig

te wees, want my geleerde vriend het 'n bietjie oor BSB gevra wat ons terrein is. Brigadier, kan ek net by u nou net mooi van voor af kry, wanneer het u vir die eerste keer verneem dat die organisasie waaroor u inligting gehad het die BSB was? -- Nou goed, aangesien daar verwarring ontstaan, moet ons nou kwalifiseer. Nie-amptelik of amptelik?

Hetsy amptelik of nie-amptelik? -- Om en by 2 Desember.

En van wie het u dié inligting verkry? -- Barnard.

En het hy toe vir u vertel van die BSB? -- Korrek.

VOORSITTER: Het hy die naam geïdentifiseer as BSB? -- Die (10)
Burgerlike Samewerkingsburo en in daardie tyd was Botha ook
arresteer en ons het van hom ook inligting gekry.

MNR. HATTINGH: Ekskuus, ek het nie - daardie tyd was ...? -- Botha
was ook gearresteer daardie tyd.

VOORSITTER: Ja, maar ek dink die advokaat is net geïnteresseer
in die eerste inligting. -- Dit is korrek.

MNR. HATTINGH: En u sê dit was 2 Desember gewees? -- Dit kan voor
die 2de ook wees.

VOORSITTER: Maar ek dink naastenby? -- Naastenby, einde November,
begin van Desember. (20)

MNR. HATTINGH: En dit was nadat mnr. Barnard reeds onder artikel
29 aangehou was? -- Ja, hy is aangehou ek dink op 27 Oktober, 28
Oktober.

En u sê in u verklaring hy is op 31 Oktober gearresteer? --
Ja, dit kan wees so.

Op 2 November is sy aanhouding oorgeskakel na artikel 29.
-- Dit is korrek.

Nou sê u in paragraaf 4.13 van BEWYSSTUK C20, sê u ...?

-- Paragraaf/...

4.13 op bladsy 4 daarvan. Daarin sê u:

"Daarna maak Barnard sekere mededelings aangaande voormelde geheime organisasie en die organisasie se aktiwiteite aan die ondersoekspan."

-- Kan ek net die paragraaf kry asseblief.

VOORSITTER: 4.13 van u ...? -- 4.13, jammer, ja.

MNR. HATTINGH: U sê hy maak sekere mededelings aangaande voormelde geheime organisasie en die organisasie se aktiwiteite.

Nou wat se medelings het hy vir u op daardie stadium gemaak aangaande die organisasie eerstens en dan tweedens aangaande die organisasie se aktiwiteite? -- Dit is in sy verklaring vervat. (10)

Watter verklaring praat u nou van?-- Ek praat van die verklaring - hy het twee verklarings aan ons gemaak.

Kan ons net duidelikheid daaroor kry? -- Hy het twee verklarings aan ons gemaak.

Net twee? -- Dit kan meer wees. Ek praat nou onder korreksie, ja, hy het meer gemaak.

Hoeveel het hy gemaak? -- Ek dink hy het, ek sal moet naslaan, ek kan nie ... (tussenbei)

VOORSITTER: Is alles artikel 29 verklarings? -- Alles artikel 29 verklarings. Hy het een gemaak en toe het hy een gemaak wat 'n regstelling gewees het en toe het hy nog een gemaak uitsluitlik 'n ontkenning oor die Webster aangeleentheid. (20)

MNR. HATTINGH: U het nou drie genoem? -- Ja.

Sover u onthou is dit al wat hy gemaak het? -- Hy kan meer gemaak het ek is nie seker nie.

Kan u vasstel? -- Ek kan vasstel.

Miskien sal ek u vra om dit later te doen? -- Ja-nee, ek kan/...

Maar kan ons nou net terugkom na paragraaf 4.13 toe. In een van hierdie verklarings maak hy aan u sekere mededelings aangaande voormelde geheime organisasie. Kom ons verpoos eers daar. Wat het hy aangaande die organisasie vir u vertel?

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, ek praat baie, ek vra om verskoning. Soos ek die situasie verstaan is die inligting wat vervat is in artikel 29 verklarings onderhewig, die bloot-stelling daarvan onderhewig aan goedkeuring van die Minister alleenlik.

Ek dink my geleerde vriend mnr. Hattingh, weet dit baie goed en die ... (tussenbei)

(10)
VOORSITTER: Ek vind dit vreemd mnr. Visser, want brigadier het dit in 'n beëdigde verklaring het hy al die inhoud van die artikel 29 verklarings ten dele geopenbaar in Desember verlede jaar voor die Kommissie toe ... (tussenbei)

MNR. VISSER: Wel klaarblyklik met die toestemming van die Minister.

VOORSITTER: Is dit so?

MNR. VISSER: Wel mnr. die Voorsitter, met eerbied, my geleerde vriend is nie geregtig om vir die getuie vrae te vra aangaande die inhoud van die artikel 29 verklarings nie, met respek.

(20)
VOORSITTER: Ekskuus net. Ek het die punt ek sal nou daarby terugkom. Ekskuus tog net, ek sien Barnard self sê hy het ongeveer vier verklarings afgelê. -- Dit kan reg wees.

Mnr. Hattingh, ek dink ons moet versigtig wees dat ons nie te ver in die artikel 29 ingaan nie.

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, mag ek miskien dan ... (tussenbei)

VOORSITTER:/...

(30)
VOORSITTER: Ek dink u moet meer spesifiek wees, want in ieder geval dink ek artikel 29 verklarings is geneig om lang stories

te wees en ek is net bevrees dat die vraag is ieder geval te vaag, u volg, vir die getuie om alles te sê wat in die verklaring sê, maar ek dink as u spesifiek kan vra kan ons beter oordeel of die vraag billik of reg is.

MNR. HATTINGH: Ek sal probeer om meer spesifiek te wees. Wat ek probeer vasstel is wanneer het u geweet dat die organisasie waaroor u inligting bekom het, die BSB was? Was dit een van die mededelings waarna u verwys in paragraaf 4.13? -- Dit is om en by die einde van November, begin Desember.

VOORSITTER: Nee mnr. Hattingh, ek dink as u kyk na 4.17 staan daar: (10)

"Op 2 Desember - Barnard maak 'n verklaring waarin hy die BSB by name identifiseer."

Daaruit het ek afgelei en u moet my sê as ek verkeerd is dat dit die eerste dag is waarop daardie organisasie by name ge-identifiseer is. -- Kan ek u toelig oor hoe dit gaan met die afneem van 'n artikel 29 verklaring ... (tussenbei)

Of hy kon dit mondeling voor dit gesê het. -- Daar word mondelings, daar word gepraat en gepraat en gepraat en vir dae en dit is moontlik dat dit voor die tyd uitgekom het, maar dit is op skrif gestel op 2 Desember. (20)

MNR. HATTINGH: Ja, maar is dit moontlik dat u mondeling dan van hom kon verneem het, soos wat u hier in 4.13 van mededelings praat, dat u mondelingse mededelings kon gehad het oor die bestaan van hierdie organisasie? -- Dit is heel moontlik.

En as u dan praat oor sy, van die geheime organisasie en sy aktiwiteite, dat u dit ook voor 2 Desember kon geweet het? -- Nie alles nie.

Ja/...

begin van November tot loslating is daar vrae gevra en daar is antwoorde verkry. Party is op skrif gesit ander nie. Ander was belangrik en ander is nie belangrik nie.

Is u getuienis dat u die naam BSB vir die eerste keer van Barnard verneem het? Voordat hy dit vir u genoem het, het u daardie naam nog nooit gehoor nie? -- Nee-nee, ons het vantevore gehoor daarvan. Ek dink ek het hier in my verklaring gesê hierso van 'n kêrel van Botes.

Dit is juis waarop ek afstuur. -- Dit is lank terug, maar dit was nog op daardie stadium vir my onbevestig gewees.

(10)

Terwyl u nou daarvan praat. Dit is juis na aanleiding van daardie stelling wat ek u nou wil ondervra. U praat hier van Botes, maar kom ons lees. -- Dit is daar in September rond.

Asseblief, kom ons lees wat u van Botes sê. Bladsy 2, paragraaf 4.3 sê u die volgende:

" 'n Persoon by name ene Botes spreek die Minister van Wet en Orde (dit is nou op 29 Augustus né) insake 'n bomont-ploffing wat plaasgevind het op 28 Augustus 1989 by 'n besigheidspersoneel waar gemelde Botes se eggenote sake doen. Die aangeleentheid word verwys na die adjunk-speur-hoof, generaal J. de V. Joubert vir verdere ondersoek."

(20)

Niks van BSB nie. Sê u nou dat u toe al gehoor het die naam BSB gehoor het? -- Ja, maar geen bevestiging daarvoor nie.

Dit was nie aan my opgedra vir ondersoek nie, maar toe het die naam na vore gekom.

En Botes het die naam genoem? -- Ek het nie Botes ondervra nie, maar dit is wat ek gehoor het.

Ek vra nie of u hom ondervra het nie ... (tussenbei)

VOORSITTER: / ...

(30)

K39.2229

- 1054 -

MOSTERT

VOORSITTER: Maar dit is waar die naam vandaan gekom het? -- Ja,

maar toe was dit net BSB gewees. Ek het nie geweet of dit die Buro van - wat noem hulle dit - Burgerlike Samewer-kingsburo - dit het ek nie geweet nie, maar BSB was beslis aan my genoem deur generaal Joubert na die onderhoud met Botes. Wat daarna gebeur het weet ek nie.

MNR. HATTINGH: Wat het generaal Joubert u van BSB vertel? -- BSB was eintlik opgemeng met Spesmagte en Militêre Intelligensie op daardie stadium. Ons het nie geweet presies waar dit inskakel nie.

U antwoord nog nie die vraag nie, wat het generaal Joubert u vertel van BSB? -- Nie veel nie, want dié aange-leentheid was opgedra aan iemand anders om te ondersoek. (10)

U het nog steeds nie die vraag geantwoord nie. Ek wil nie weet of hy vir u baie of min gesê het nie. Ek wil weet wat het hy vir u gesê? -- Nee, hy het my gesê van 'n kêrel Botes wat na die Minister toe gekom het wat beweer het dat hy 'n lid was van BSB en dat daar - die ding word ondersoek nou.

Nie gesê wat BSB is nie? -- Nee.

U het ook nie gevra nie? -- Op daardie stadium was dit nie vir my - 'n afleiding wat ek gemaak het is dat dit is 'n deel van die militêre en ons ... (tussenbei) (20)

Hoekom het u die afleiding gemaak? -- Kyk, ons het toe al inligting gehad van Spesmagte en Militêre Intelligensie. Die ding was heeltemal opgemeng gewees. Ons het nie heeltemal presies geweet wat gaan vir wat nie.

Maar u het ten minste 'n baie, baie sterk vermoede, indien nie dalk sekerheid gehad nie ...?-- Dié het ek al Juniemaand gehad ja.

Dat BSB iets te doen gehad het met die weermag. -- Met

die/... (30)

die weermag. Dit is korrek.

En dit het u reeds in Augustus geweet, 28 Augustus, 29 Augustus 1989? -- Ja, ek het daardie tyd al geweet dat daar is 'n beweging, maar ons het ... (tussenbei)

Wat gekoppel is aan die weermag? -- So het ons vermoed. So het ek vermoed.

VOORSITTER: Maar die inligting was, brigadier, dat dit gekoppel was aan die weermag. Ek bedoel die weermag het dit nog nie erken nie, maar dit was u inligting? -- Dit was inligting gewees, ja.

Ek bedoel die inligting is goed genoeg vir ander doel-eindes, dit was u inligting, kom ons werk nou maar daarop. (10)

MNR. HATTINGH: Het u enige rede gehad om daardie inligting te wantrou? -- Ons was nie baie seker nie.

Het u probeer seker maak? -- Generaal Joubert het daardie aspek hanteer. Ons was nie baie gelukkig gewees oor die mede-deling nie.

Ek praat nou oor hierdie insident van Botes. Het u hoe-genaamd daarmee te doen gehad of praat u nou maar net van wat u gehoor het? -- Ek praat by monde van generaal Joubert wat hy my meegedeel het. Op daardie stadium was hy nie baie gelukkig gewees met die mededeling nie. Hy het dit laat ondersoek. So ek het nie kennis daarvan nie. (20)

Nee, hoekom noem u hierdie insident as 'n insident wat oënskynlik verband hou met Webster se moord? -- Nee, u het vir my gevra wanneer het ek die eerste keer van BSB gehoor.

Nee, in u verklaring, in u verklaring sê u en ek lees vir u bo-aan bladsy 4:

"Ek wens hieronder kortliks die onderskeie stappe wat gevolg is en inligting wat bekom is ten aansien van die

Webster-moord/... (30)

Webster-moord uiteen te sit."

En daaronder 4.3 handel u met Botes, wat het dit met hierdie Webster-moord te doen gehad? -- Nee, dié kêrel Botes het blykbaar 'n bewering gemaak dat die organisasie waaraan hy behoort het verantwoordelik was vir die moord op Webster.

Dit hoor ons nou vir die eerste keer. Dit is 'n nuwe bron wat ons nou van hoor nie waar nie? -- Ja, maar ons, om die waarheid te sê hierdie bron is ons nie baie gelukkig mee nie.

Laat ons maar vergeet van die vraag of u met hom gelukkig is of nie, dit is 'n bron waarvan ons nog nie gehoor het nie. (10)
Is dit korrek? -- As u dit so wil stel.

Nee, ek wil dit nie so stel nie, hoe stel u dit? -- Ek het u geantwoord.

Dit is die eerste keer wat u van dié bron hoor, wat ons van die bron hoor by u? -- Dit is korrek.

VOORSITTER: Is dit die persoon wat gesê het in die wandel-gange? -- Nee, dit is nie die persoon nie.

U sien wat vir my baie vreemd is, is u het u bronne be-skerm.

In die vorige paragraaf wou u nie die bron openbaar nie en in 'n later paragraaf ook nie, maar u sê u het ander bronne verkry (20) wat sê Webster is vermoor, maar Botes, u noem dit nie eers hier nie, u kon sy naam verberg het en gesê het dat op 29 Augustus het u inligting gekry dat BSB dit gedoen het. Hoekom het u dit nie gesê in u verklaring nie. Dit is wat mnr. Hattingh wil hê. Ek bedoel ons het nog nooit gehoor dat Botes vir u inligting gegee het nie? -- Om die waarheid te sê, ek wil net vir u sê dat ons beskerm ook nie vir Botes nie en ons het nie baie peil getrek daarop nie. Dit was 'n bewering wat hy gemaak het. Dit was nie 'n feit gewees nie.

MNR. HATTINGH: /... (30)

MNR. HATTINGH: U het blykbaar 'n lys van bronne opgestel, ek het soiets gehoor vanmôre. Is dit korrek? -- 'n Lys van bronne?

Is hier nie melding gemaak van 'n lys van bronne nie? -- Nee.

VOORSITTER: Nee, nie terwyl ek hier gesit het nie.

MNR. HATTINGH: Dan het ek hom verkeerd verstaan mnr. die Voorsitter. Nou goed, maar hoekom het u hierdie persoon nie as 'n bron genoem hier in die verklaring terwyl u hom noem nie. Soos hy daar staan lyk dit asof hierdie 'n losstaande insident is oor 'n bom wat niks met Webster te doen het nie. Nou hoor ons eers nee, hy het vir u gesê of hy het gesê ..?

-- Hy het nie vir my gesê nie. Ek laat dit aan generaal Joubert oor, hy kan dit vir u kom vertel. (10)

Ekskuus, maar het generaal Joubert vir u gesê dat dit is beweer dat BSB vir Webster doodgemaak het? -- Dit is korrek.

En u laat dit net daar? -- Dit was ondersoek.

U ondersoek die Webster-moord? -- Ons ondersoek die Webster-moord, maar hierdie man kon ons nie feite gee nie en ek is nie gelukkig met sy motiewe nie.

VOORSITTER: Is hy ondervra? -- Hy was ondervra deur generaal Joubert. Hy kan u alles van hom vertel.

(20)
MNR. HATTINGH: In verband met die bom of in verband met Webster? -- In verband met die bom. Ons was nie gelukkig oor die hele storie nie.

VOORSITTER: Is hy ondervra deur enige polisieman oor die Webster-moord? -- Hy is nie deur my span ondervra nie.

MNR. HATTINGH: Hoekom nie? -- Ons glo nie sy storie nie.

VOORSITTER: As u nog nie weet wat sy storie is nie, hoe kan u ... ? -- Ons het die storie toe al gekry by generaal Joubert en/...

MNR. HATTINGH: Oor die bom? -- Ja, die hele opset, die man het 'n wraak, daar was 'n wraakmotief en dit is gevaarlik om dit as feite te aanvaar.

Nou hoekom noem u dit hier in u verklaring as "synde 'n faktor, iets wat gebeur het, wat by u gewig gedra het in die loop van die ondersoek na die Webster-moord."

Hoekom noem u dit as dit ...? -- Dit is insidente wat stap-vir-stap volg.

Ja, maar hoekom, u sê nie eers dit hou verband met die Webster-moord nie, maar as u nie staatgemaak het daarop nie ...? (10)
-- Ek meen dit is die eerste keer wat ons van BSB gehoor het. My advokate mag miskien vir my gevra het wanneer het jy vir die eerste keer daarvan gehoor en ek het hom geantwoord soos ek nou vir u antwoord, op daardie stadium en dit is ingevoeg in die verklaring.

Maar nou hoor u dat hierdie persoon beweer 'n organisasie bekend as BSB het Webster gedood. U hoor die naam ...? -- Waarvan hy 'n lid was.

En u hoor die naam BSB nou vir die eerste keer, nie waar nie? -- Ja, dit is die eerste keer. (20)

Nou het u die naam van 'n organisasie wat u nog nooit van gehoor het nie, wat na bewering vir Webster doodgemaak het, korrek? -- Dit is korrek.

Ondersoek u die bestaan aldan nie van so 'n organisasie soos BSB? -- Dit is nou hoorsê. Ek weet nie of dit, ek kan dit seker maar (tussenbei)

Ek dink alles wat ons nog van u gehoor het is hoorsê. -- Daar was opdrag gegee deur die Minister dat dit ondersoek word. Daar was opdrag gegee deur die Minister dat dit

ondersoek/... (30)

ondersoek moet word. Ek weet nie wie dit ondersoek het nie, maar die uitslag wat ek gekry het is dat dit nie betroubaar, dat dié bron nie betroubaar is nie.

Nee, maar ek praat nou nie oor die inligting wat die bron gegee het nie. Ek vra vir u of u na aanleiding van die inligting ondersoek ingestel het na die bestaan aldan nie van 'n organisasie bekend as BSB? -- Op daardie stadium nie?

Hoekom nie? -- Omdat die Minister opdrag gegee het dat iemand, 'n lid van hoofkantoor moes dit ondersoek en ek het nie terugvoering gehad daarvan nie.

(10)

So u het daardie aangeleentheid net daar gelaat? -- Die volgende oomblik toe is ons met Barnard besig.

En toe hoor u nou weer dieselfde naam by Barnard? -- Toe kom dieselfde naam op.

Het u toe ondersoek ingestel na wat BSB is? -- Ons het 'n onderhoud gehad met generaal Badenhorst.

Oor die vraag wat BSB is? -- In elk geval oor die organisasie Spesmagte en Militêre Intelligensie.

Ek vra vir u oor die vraag of dit BSB oor wat BSB was?

VOORSITTER: Met ander woorde het u vir die weermag gevra is daar 'n organisasie met die naam van BSB by julle en indien wel, wat is hulle werk?-- Ek weet nie of ons die naam BSB genoem het nie, maar ons het die saak - die feit dat daar 'n organisasie wat aan die weermag gekoppel is het ons bespreek met generaal Badenhorst.

(20)

MNR. HATTINGH: En u het aanvaar dit is hierdie BSB waarvan Barnard gepraat het? -- Dit is moontlik.

VOORSITTER: U praat van Botes of Barnard? -- Nee, Barnard.

MNR. HATTINGH: Nee, Barnard of beide dan nou, Botes en Barnard.

U het aanvaar dus dit is daardie organisasie?

-- Dit/...

(30)

-- Dit is daardie organisasie, maar hoe hulle op daardie stadium geskakel het met die weermag het generaal Badenhorst my nie vertel nie.

Maar u het reeds aanvaar dat hy wel geskakel was met die weermag? -- Dit is my indruk.

En nou met daardie inligting tot u beskikking besluit u nou dat daar sekere persone aangehou moet word ingevolge die bepalings vervat in artikel 29 nie waar nie? -- Dit is korrek.

En u is bekend met die bepalings van artikel 29 gelees met artikel 54 nie waar nie?-- Dit is korrek.

U weet wat die vereistes is voordat 'n persoon aangehou kan word? -- Ja. (10)

U moes 'n basis of 'n grondslag daar stel vir aanhouding onder 29, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Wat was die basis? -- As ons vat die bomontploffing by die Early Learning Centre - dit het nou niks met Webster te doen nie, maar dit het te doen met ... (tussenbei)

Ek kom by daardie vraag, ek sien u het my al vooruit ge-loop, maar gaan maar aan. -- Ek is jammer dat ek dit gedoen het.

Gaan maar voort? -- Moet ek nou aangaan of moet ek nou stop? (20)
VOORSITTER: Ja-nee, gaan aan. Die vraag was gewees hoe het u gemotiveer, wat was die motivering as ek reg het vir die aanhouding onder artikel 29? Toe het u begin om te sê daar was Early Learning Centre se bomontploffing. -- Nou maar goed, laat ons nou net dit regkry, na watter aanhouding verwys u?

MNR. HATTINGH: Kom ons vat die eerste een, kom ons vat Barnard? -- Barnard?

Ja. -- Op daardie stadium was Namibië nog deel van Suid-Afrika/...

die basis gelê, sy betrokkenheid daar waar ons hom aan verbind het, dit het die basis gelê en dit het vir ons laat vermoed dat hy vir ons kan inligting verskaf oor die Webster-voorval.

Goed en ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee-nee, dit antwoord nie die vraag nie. Die ad-vokaat het gevra hoe bring u die kloutjie by die oor. U moet voldoen aan sekere vereistes onder artikel 54 en 29, wat die advokaat by u wil weet is, wat was u - as u nou moes neerge-skryf het die dag toe u - 2 November - toe u nou moes sê nou 'n memorandum moes skryf dat u vir Barnard gaan aanhou onder 29, ken u statutêre vereistes? (10) Wat die advokaat by u wil weet is onder watter bepaling of watter motivering het u gehad om hom onder 29 aan te hou. Dit is op 2 November? -- Die motivering was daar was 'n politieke moord gepleeg. Moet ek uitbrei op hoekom ek sê dit is 'n politieke moord. Ek dink nie dit is, dit is algemene kennis.

Nee, op 2 November sê u, het u die motivering gehad om hom onder artikel 29 aangehou omdat daar 'n politieke moord was, op wie? -- Lebowski.

So met aner woorde u het vir Barnard aangehou omdat hy die Lebowski-moord - oor betrokkenheid by die Lebowski-moord? -- Ja. (20)

En dat dit 'n politieke moord is? -- Presies.

MNR. HATTINGH: 'n Politieke moord met watter opset, watter politieke oogmerk het hierdie moord gehad? -- Om 'n sekere deel van die bevolkingsgroep te beïnvloed om iets te doen of nie te doen nie.

En watter bevolkingsgroep was hier beïnvloed? -- Dit was Swapo, die Ovambo's.

En/...

K39.2831

- 1062 -

MOSTERT
(30)

En hulle was geïntimideer om wat te doen of nie te doen nie? -- Hulle was op daardie stadium, dink ek was die doel-stellings

gewees, my afleiding en my diskresie daar was dat hulle aflei dat hulle het Lebowski vermoor met die doel om die verkiesing in Namibië in die wiele te ry en die Ovambo bevolking daardeur op te sweep om iets te doen of nie te doen nie.

Op te sweep om wat te doen of nie te doen nie? -- Dit is moeilik om te sê.

Ja, maar u moes die motivering gee vir aanhouding onder 29? -- Maar ek het die motivering gegee en die aanhouding was goedgekeur. Ek kan self nie die aanhouding goedkeur nie.

Kom ons hoor, daardie motivering moes u op skrif gegee het (10) nie waar nie om toestemming te kry vir die aanhouding onder 29, het ons dit? -- Nee, ek nie 'n getuienis daarvan nie. Dit is ook 'n sekere dokument wat geprivilegieerd is.

Hoekom sê u is hy geprivilegieerd? -- Dit is deel van die artikel 29 opset.

VOORSITTER: Artikel 29 verleen alleen privilegie aan die ver-klarings van die getuies wat aangehou is. Ek weet nie van enige ander privilegie nie. -- Dan weet ek nie so mooi of, u kan dit seker kry as u dit wil hê, maar val dit nou hierso in die ondersoek in, want dit is Lebowski se saak.

(20)
MNR. HATTINGH: Kom ons kom net so 'n bietjie terug na u motivering. U sê dus u motivering was vir Barnard se aan-houding was sy moontlike betrokkenheid by die Lebowski-moord omdat die Lebowski-moord, 'n sekere gedeelte van die inwoners van destyds Suidwes-Afrika sou motiveer of intimideer om iets te doen of nie te doen nie.

VOORSITTER: Tydens die verkiesing.

MNR. HATTINGH: /...

(30)
MNR. HATTINGH: Tydens die verkiesing. Dit was u motivering gewees? -- Ja, daar het bykomend ook nog gekom. Ek kan nie presies

onthou wat alles daar die motivering is nie, maar dit is beskikbaar.

As u dit kan blootgelê kry, dit is nie my probleem nie.

U kan tog seker nog onthou wat u motivering was? -- Basies.

Wat was nog die motivering gewees? -- Die geval van, wat ek genoem het, 9 Junie vanwaar ons hulle daar gekry het wat ons gedink het hulle het 'n roof beplan en toe agterna uitgevind het dat hulle het vir Bruce White of vir Roland White ge-monitor.

En hoe koppel u dit nou aan artikel 29? -- Dit is goed, dit is ook 'n persoon wat bekend was vir sy radikale aktiwiteite.

En wat het u gedink waarvoor hou hulle hom dop? -- Dit is (10)
wat ons graag wou weet. Ons wou graag die inligting gehad het.

So u het nie geweet ...? -- Maar hy was dopgehou.

Ja, maar u het nie geweet met welke doel nie? -- Hoekom hou jy 'n radikale persoon dop?

Miskien omdat hy 'n verhouding met 'n ander vrou het? -- Heel moontlik.

Hulle het vir u gesê hulle is privaatspeurders nie waar nie? -- Ja, maar hulle het gelieg op daardie stadium.

Ja, maar dit het u toe nog nie geweet nie? -- Ek het nie geweet (20)
nie. Dit is eers agterna laat ons twee en twee by-mekaar gesit het.

Was dit nou 'n verdere motivering gewees die feit dat hulle vir White dopgehou het? -- Dit is reg.

Enigiets/...

K39.2992

- 1064 -

MOSTERT

Enigiets verder? -- Ek kan my nie nou herinner aan iets verder nie.

Hierdie motiverings wat u nou gegee het, sê u dan nou dit (30)
was die motiverings wat u oorgehou het as 'n rede vir u aanhouding van Barnard? -- Van Barnard?

En dit sou u dan seker so uiteengesit het in die eedsverklaring? -- Heel moontlik.

Nie heel moontlik nie, u kon nie iets anders gaan sê het nie? -- Ek het nie nou die motivering voor my nie. Ek kan nie presies onthou nie.

VOORSITTER: Nee-nee, die advokaat praat - ekskuus, ek dink daar is 'n verwarring tussen u en die advokaat. Ek dink die advokaat praat van die daaropvolgende beëdigde verklarings wat gevolg het toe daar aansoek was om vrylating. Is dit reg mnr. Hattingh?

MNR. HATTINGH: Ja.

VOORSITTER: Met ander woorde hy sê die motivering wat u gegee het vir die aanhouding aan die hof moet tog ooreenstem met die motivering wat u gegee het met die aanvanklike aanhouding of nie? -- Ja, ja goed.

MNR. HATTINGH: En dit kan tog nie verskil daarvan nie? -- Ons kan dit hier in die verklaring kry as u ... (tussenbei)

Nee-nee, u het mos nou vir ons gesê wat dit was nie waar nie? -- Ja.

En dit kan nie verskil nie. Nou kom ons kyk wat was dit gewees. Ek verwys na u verklaring in die Barnard aangeleentheid op bladsy 6 daarvan, paragraaf 3.1:

"Sedert ek betrokke geraak het by die ondersoek na die moord op dr. Webster soos voormeld het dit aan die lig gekom dat daar 'n geheime organisasie in die land

bestaan/...

K39.3076

- 1065 -

MOSTERT

bestaan met lede uit alle vlakke van die maatskappy wat hom in die breë beywer om met geweld en intimidasie 'n skrikbewind onder linkse radikales te voer. Die organisasie is verantwoordelik vir verskeie geweldsdade soos onder andere moord, aanranding en brandstigting ensovoorts. Volgens

die inligting waaroor ek beskik is die organisasie verantwoordelik vir die moorde op beide dr. Webster en advokaat Lebowski en voorts is dit my inligting dat hierdie moorde gepleeg is om 'n politieke oog-merk te bereik."

-- Waar is dit, watter paragraaf is dit?

Op bladsy 6 paragraaf 3.1 het ek nou gelees. -- 3.1.

Ja. -- Presies.

Was dit u motivering gewees? -- Ek dink my motivering was breër gewees.

Breër gewees? -- Ja.

(10)

Maar kom ons kom weer na hierdie paragraaf terug wat ek nou vir u gelees het:

"Om met geweld en intimidasie 'n skrikbewind onder linkse radikales te voer en dat hulle verantwoordelik is vir sekere geweldsmisdade."

As u my 'n oomblik sal vergun mnr. die Voorsitter.

MNR. VISSER: Terwyl my geleerde vriend asem skep wil ek net iets op rekord plaas. Soos ons dit verstaan mnr. die Voor-sitter en ek dink soos almal dit verstaan, weet ons presies waarom hierdie Kommissie se opdrag gaan. Ons het gedink dat brigadier Mostert moet vandag kom verduidelik of daar vordering is of andersins met die ondersoek in die Webster-moord. Hy is nou besig om vrae te beantwoord oor waarom hy mense aangehou het kragtens artikel 29.

(20)

Ons het 'n probleem

om/...

K39.3186

- 1066 -

MOSTERT

om die verband te sien om die tersaaklikheid daarvan te sien, tensy my geleerde vriend, mnr. Hattingh en mnr. Burger probeer bewys dat brigadier Mostert so 'n leuenaar is dat u hom nie kan glo as hy sê dat daar vordering met die Webster-moord is nie sodat daardie aspek dan binne die Kommissie se opdrag val. Ons is regtig verward

(30)

mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Ek dink u verwarring is onnodig mnr. Visser, want ek dink u behoort te weet dat ek u spesifiek gevra het vir 'n beëdigde verklaring om vir my te sê op watter feite is die inhoud van paragraaf 3.1 van brigadier Mostert se verklaring van 12 Januarie 1990 gebaseer en aan die hand daarvan het ek eers die verklaring gekry wat C20 is wat handel met die vraag of daar vordering is en toe het ek gesê dat wat my aanbetref, blyk daar nie dat daar vordering daaruit is nie. Ek wil nog steeds die antwoord hê en toe het ek C22 gekry en ek kan nie verstaan dat u onder die indruk is dat die ondersoek net gaan oor die vraag of daar vordering is nie. Dit is deel van hierdie Kommissie se taak om uit te vind wie Webster vermoor het en op die oomblik sê brigadier Mostert dit is die BSB en dan is BSB se advokate sekere in staat om te kruisverhoor om uit te vind hoekom hy dit sê. (10)

MNR. VISSER: Ek sien. As dit u reëling is dat die basis waarom hulle aangehou is dan ook ter sake is mnr. die Voor-sitter ... (tussenbei)

VOORSITTER: Hy het tog onder eed gesê dat hy hou die mense aan in verband om inligting te kry en omdat hy inligting het op die Webster-moord. (20)

MNR. VISSER: Korrek.

VOORSITTER: Dit is hoe ek sy getuienis verstaan.

MNR. HATTINGH: Eintlik moes ek u na u vroeëre verklaring, daar/...

K39.3305 - 1067 - MOSTERT
daar was twee Barnard aansoeke gewees nie waar nie. Die eerste een is teruggetrek soos u van melding gemaak het? -- Dit is korrek.

Maar in daardie een het u ook 'n beëdigde verklaring af-gelê?-- Dit is reg. (30)

Hy is op die dag van die verhoor van die aansoek terugge-trek

nie waar nie?

VOORSITTER: As die aansoek?

MNR. HATTINGH: Is die aansoek teruggetrek? -- Nee.

Nie, dit maak nie saak nie. Dit is nie belangrik nie. Die verklaring wat u in daardie aansoek gemaak het is gedateer 24 November 1989 en ek wil net vir u lees uit paragraaf 2.2 daarvan. -- Ek het dit nie voor my nie.

VOORSITTER: Het u 'n - is daar miskien iemand wat 'n verdere afskrif van daardie verklaring het, want ek dink nie die Kommissie het nie?

MNR. HATTINGH: Ek was onder die indruk die Kommissie het dit mnr. die Voorsitter. Ek dink lees dit net vir die getuie en dan wys u hom die verklaring dan kan hy ... (tussenbei)

MNR. HATTINGH: Ek sal dit lees mnr. die Voorsitter. Paragraaf 2.2 daarvan sê u:

"Volgens die inligting waaroor ek beskik het voor die arrestasie van die aangehoudene ingevolge artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid, wet 74 van 1982 en wat afkomstig is uit verskeie betroubare bronne is die oogmerk van die vermelde moorde en ander optredes en om enersyds die huidige politieke oogmerke van die regering van die Republiek van Suid-Afrika om alle bevolkings-groepe te betrek by die regering van die land teen te werk en in die war te stuur en sodoende staatkundige en

politieke/...

K40.0072

- 1068 -

MOSTERT

politieke verandering in stryd met die huidige bestel te

bewerkstellig. Andersyds is die oogmerk om die algemene publiek bevrees te maak of te demoraliseer."

Kan ek aan u hierdie verklaring toon dan kan u net vir ons bevestig of dit u handtekening is wat op die laaste bladsy daarvan verskyn?

-- Dit is korrek.

Wat sê u oor die bewerings daarin vervat? U motivering vir artikel 29 aanhouding? -- Wat wil u weet daarvan?

Dit was die motivering wat u voorgehou het nie waar nie?

Die feit dat hierdie organisasie besig is om die huidige politieke oogmerke van die regering van die Republiek van Suid-Afrika om alle bevolkingsgroepe te betrek by die regering van die land teen te werk en in die war te stuur en sodoende staatkundige politieke veranderinge in stryd met die huidige bestel te bewerkstellig.

Is dit u motivering vir die artikel 29 aanhouding? -- Dit is korrek. (10)

Hoekom het u dit nie netnou genoem nie? -- Hy kan effens gewysig wees met die wat ons ... (tussenbei)

Dit is radikaal gewysig. Dit is nie effens nie. -- Nee, ek praat nou van die motivering, die skriftelike motivering wat ons ingesit het. Dit is moontlik dat ... (tussenbei)

Maar dit is nie wat u netnou vir ons gesê het nie. -- Die basiese sal dieselfde wees.

Ek sien en andersyds is die oogmerk om die algemene publiek bevrees te maak of te demoraliseer. Wie is die algemene publiek wat u hier van praat? Is dit nou die Swapo mense in Suidwes? -- Op daardie stadium het ons nog Suidwes regeer. (20)

Maar is dit van hulle wat u praat? -- Lebowski, ja.

Praat u van die Ovambo's in Namibië? -- In Namibië.

Hoekom/...

K40.0132

- 1069 -

MOSTERT

Hoekom praat u dan so van die algemene publiek hierso asof u praat van die algemene publiek in die Republiek van Suid-Afrika?

-- Op daardie stadium het hulle nog onder ons geval.

VOORSITTER: Ja, maar hierdie wet was nie daar van toepassing nie? (30)

Hierdie wet was nie in Suidwes van toepassing nie? -- Dit mag

wees. Ek is nie bewus daarvan nie.

Hoe kan u Suid-Afrika mense aanhou onder 'n wet wat nie in Suidwes van toepassing is nie? -- Ja, ek het nou nie daar-van kennis gedra nie.

Die oogmerke van daardie wet ...?

MNR. HATTINGH: Ek gaan dit kort afsny en ek gaan sommer daar-vandaan af oor na u verklaring wat u gemaak het vir die vry-lating van Slang van Zyl. Bladsy 10 daarvan, paragraaf 2.17. -- Paragraaf?

10, bladsy 20, paragraaf 2.17. -- Bladsy 10, 2.17.

(10)

Ja, sê u:

"Uit die stukke vermeld in paragraaf 2.16 hierbo blyk dit dat die aangehoudene aktief betrokke was by dae van ge-weld wat gepleeg is met die opset om 'n politieke oogmerk te bereik of 'n bevolkingsgroep of groepe bevrees te maak of te demoraliseer."

Dan gaan u voort:

"En in die besonder verwys ek na die aangehoudende se aktiewe betrokkenheid (in vermelde stukke word na die aangehoudene verwys as Slang van Zyl en ook op sy skuilnaam Thinus de Wet).

(20)

By die bomontploffing op 31 Augustus 1989 by die Early Learning Centre, Springbok-straat, Athlone, wat 'n kleurlinggebied in Kaapstad is. Sodanige sentrum is 'n gemeenskapskompleks wat onder

andere/...

K40.0201

- 1070 -

MOSTERT

andere gebruik word deur verskeie kleurlinge, kleurling politieke organisasies soos byvoorbeeld The Cape Youth Congress. Ek

het 'n rede om te vermoed dat die oogmerk met die

(30)

bomontploffing was om die kleurlinggemeenskap in Kaapstad bevrees te maak of te demoraliseer en om die verkiesing wat

destyds in die kleurlinggemeenskap plaas-gevind het te ontwrig."

Kom ons begin by die laaste een, het u werklik geglo dat die BSB bomme geplant het om die verkiesing wat deur die regering uitgeroep is en wat die regering bitter graag wou hê moes plaasvind dat daardie bomme geplaas is om daardie verkiesing te ontwrig? -- Dit is al afleiding wat ek kon maak.

Al afleiding wat u kon maak? -- Ja.

VOORSITTER: En wat het Van Zyl vir u gesê hoekom het hulle dit geplaas? -- Van Zyl het vir my gesê dat hulle het dit daar geplaas (10) omdat hulle vermoed het dat die sentrum gebruik word deur die Cape Youth Congress en ander van hierdie organisasies om bomme te plant in die Kaapse Skiereiland ... (tussenbei)

Die verkiesing te ontwrig? -- Nee, wel die bomme is deur daardie groep geplant by die poskantoor en die landdros-kantoor, daar was twee mense opgeblaas ook gewees, dit is die rede wat hy aangevoer het.

Ja, maar skynbaar omdat hulle die verkiesing ontwrig, soos hy dit gestel het?-- Ja, dit is die andersheid daar, maar sy idee was hulle het probeer om hierdie groep te elimineer.

Omdat hulle die verkiesing ontwrig?-- Ekskuus? (20)

Dit is wat hy hier getuig het. -- Want daardie lokaal sou ook 'n verkiesingslokaal gewees het, so-ook die poskantoor wat ook 'n verkiesingslokaal sou gewees het.

MNR. HATTINGH: So u sê as die lokaal nie meer gebruik kan word/...

K40.0254

- 1071 -

MOSTERT

word nie, is die verkiesing nou ontwrig? -- O definitief. Daar moet 'n ander een gesoek word. Die mense is bevrees om soontoe te gaan, want as daar bomme ontplof in die plek. (30)

Wel wat ookal die doel was, die doel het u geweet was om

terroriste te intimideer, nie om mense te intimideer om nie aan 'n verkiesing deel te neem nie, korrek? -- Dié het ons uitgevind nadat Van Zyl sy verklaring gemaak het.

Wanneer het Van Zyl sy verklaring gemaak? -- Gedurende Februarie.

Ekskuus? -- Gedurende Februarie.

Wanneer in Februarie? -- Ek kan nou vir u sê. As ek verwys na my verklaring, ek dink dit sal daarin wees. Ek dink hy is op 7 Februarie gearresteer. Nee, hy is op die 6de arresteer, hy is op die 7de onder artikel 29 aangehou, dieselfde dag het hy 'n (10) skriftelike verklaring uitgeskryf. Gedurende daardie naweek het hy verdere verklarings gemaak...

(tussenbei)

So hy het nie net daardie inligting gehad voordat u hier-die beëdigde verklaring gemaak het? -- Ja, maar die advies wat ek gekry het het dit gegaan op daardie stadium toe hy arresteer was, my motivering toe om hom onder artikel 29 aan te hou.

VOORSITTER: Ja, maar ek sou gedink het dat aanhouding is 'n voortdurende omstandigheid en as die faktore verander dan moet 'n mens die veranderde faktore ook openbaar. -- Die ding is ek (20) gaan nie op wat hy vir my gesê het na sy aanhouding nie, maar wat aanleiding gegee het tot my diskresie om hom onder artikel 29 aan te hou en my diskresie het ek uitgeoefen op die inligting wat ek gehad het voordat hy aangehou was.

MNR. HATTINGH: Maar in hierdie verklaring, die hele doel van hierdie verklaring is om sy aansoek vir vrylating teen te staan/...

K40.0306

- 1072 -

MOSTERT

staan nie waar nie? -- Beslis.

So u wil steeds hê hy moet aangehou word? -- Ons was halfpad (30) ons het nog nie sy verklaring eers ten volle geneem nie.

U wou steeds hê hy moet aangehou word. Het u toe nou vir die hof openbaar, hof, dit was my gedagte op die 7de toe ek hom gearresteer het en dit was toe my gedagte. Sedertdien egter moet ek vir u sê het ek uitgevind dat daardie bomme en goed nie geplant is om die verkiesing te ontwrig nie, maar om persone wat die verkiesing ontwrig te probeer afskrik. Het u dit gesê? -- Ek het dit nie gesê nie. Ek het my bepaal by die motivering wat ons, wat my motivering om 'n diskresie uit te oefen, dit het daaromtrent gegaan.

Brigadier u het ook vir ... (tussenbei)? -- Kan ek u net verder reghelp daar is dat hierdie persoon, Slang van Zyl, het sy advokaat (10) ten volle gehad. Dit was nooit aan my gestel die verdere, wat u aan my noem nie.

Wat was nie aan u gestel nie? -- Dat hulle het nie hierdie feite betwis nie.

Maar ek betwis dit dan ook nie. Ek sê dan juis vir u Slang van Zyl het dit vir u gesê, maar u het dit nie vir die hof gesê nie. -- Ja, maar die feit dat ek dit nie vir die hof gesê het nie, was die advokaat, mnr. Du Toit, was ten volle bewus wat ek gesê het en dit was nie aan my gestel nie. Soos ek dit (20) uitmaak was dit nie van toepassing daar nie, want dit het gegaan oor die diskresie wat ek uitgeoefen het om hierdie man te arresteer - artikel 29 en niks verder nie.

U was die ondersoekbeampte in die Webster-saak nie waar nie? -- Dit is korrek.

Is u ook aangestel as ondersoekbeampte na die bomontploffing/...

K40.0360

- 1073 -

MOSTERT

bomontploffing in Athlone? -- Dit is korrek.

En ook na alle ander daade wat na bewering deur BSB gepleeg is? -- Dit het so uitgekom. (30)

Is u aangestel? -- Ek is opdrag gegee.

Deur wie? -- Deur generaal Joubert.

Om al daardie aspekte te ondersoek? Is daar nie 'n ondersoekbeampste vir die bom in die Kaap aangestel nie? -- Daar was, maar ek het die dossier oorgeneem.

Het u die dossier oorgeneem? -- Ja.

Goed, nou u het ook reeds op 2 Februarie, kort na 2 Februarie, 'n skriftelike verklaring van mnr. Verster gekry nie waar nie? -- Dit is korrek.

En daarin het hy vir u volledig uiteengesit wat die BSB is en wat die doelstellings van die BSB is? -- Dit is korrek. (10)

En u maak nie melding van daardie verklaring en die in-ligting wat u daarin gekry het dat dit 'n amptelike weermag-organisasie is wat nie te doen het met die ontwrigting van verkiesings nie? -- Ek dink nie hy noem daar van verkiesings nie.

Nee, voordat u besluit het om Slang van Zyl onder 29 aan te hou het u reeds daardie verklaring gehad? -- Ja, maar alles was ontken omtrent die bomontploffing by Kaapstad.

Maar u was tevrede dit was die BSB, dit was u suspisie gewees? -- Ja, dit was my suspisie gewees. (20)

Ja, dit is waarom u besluit het op 'n artikel 29 aan-houding? -- Presies.

Maar nou word u gesê BSB is 'n weermagorganisasie en nou kom u nog met sulke onsin soos hierdie deur te sê dat die doel van hierdie organisasie was om die verkiesing te ontwrig. -- Ek kan nie die onsin daarin sien nie.

Dan/...

Dan sal ek dit maar moet argumenteer. Ek wil dit aan u stel dat u artikel 29 misbruik het om 'n gewone gemeen-regtelike misdaad te ondersoek en inligting in daardie verband te verkry? -- Ek ontken (30)

dit.

Goed, u het ook vir mnr. Barnard ondervra terwyl hy in aanhouding was, nie waar nie? -- Dit is reg.

En die ondervraging sê u het daaglik plaasgevind? -- Dit is so, feitlik daaglik.

Het daar nie partykeer 'n week verbygegaan wat hy nie ondervra is nie? -- Aan die begin, nee. Teen die einde kon dit wel geskied, maar ek twyfel.

En het u hom ooit op 'n Sondag besoek? -- Dit is moontlik, ek dink so.

Wat sou die doel van daardie besoek gewees het? -- Om te kyk of hy heeltemal gelukkig is en goed na hom omgesien word. (10)

Ook vir hom vrugte geneem? -- Ek het vir hom vrugte geneem.

En het u op daardie geleentheid vir hom gesê dat u is nou min of meer tevrede dat hy vir u alles gesê het behalwe een aspek wat u nog pla? -- Dit is moontlik.

En daardie aspek was die beweerde besit van 'n AK-47 deur hom, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Het u toe aan hom voorgestel dat hy in 'n verklaring moet sê dat hy daardie AK van Joe Verster gekry het sodat u 'n rede het om Joe Verster onder artikel 29 te kan aanhou? -- Nee, beslis nie. (20)

Dit is wat hy sal getuig, dit is wat hy vir my gesê het. -- Hy kan dit getuig, maar beslis nie.

Nou dit moes redelik na aan die einde van sy aanhouding gewees het, nie waar nie? -- Ek kan die datum vasstel as u dit

wil/...

K40.0471

- 1075 -

MOSTERT

wil weet.

Ek kan dit vir u gee. Het u geweet dat hy 'n sakboekie bygehou het oor al die ondervragings wat plaasgevind het? -- Ja, (30)

dit is heel moontlik. Ek betwis dit nie.

My geleerde vriende wat namens mnr. Barnard verskyn het aan my hierdie inligting verstrek en ook vir my insae in die boekie gegee. Dit was op Sondag, die datums is baie onduidelik. Sondag 28 Januarie gewees, wanneer is hy vrygelaat? -- Nee, ek het nie 'n idee nie.

Hierso by 13, 14 Februarie nie waar nie? -- Ek sal nie daaroor argumenteer nie.

So dit is na aan die einde van sy aanhouding gewees? -- Presies.

Hierso sê hy 13h30, besoek brigadier Mostert. Geen ondervraging. Sê ek moet AK47 op Spesdruk (Joe Verster). -- Nee.

Ek het aan hom gesê hy sal moet 'n meer aanvaarbare verduideliking moet gee as wat hy vir ons gegee het omtrent die AK47.

U het op daardie Sondag met hom gepraat oor 'n AK47? -- Presies dit is 'n probleem wat ons gehad het oor die AK47, waarvoor dit gebruik was.

Kan u aan enige rede dink waarom hy sou sê dat u vir hom voorgestel het dat hy dit op Joe Verster moet, die blaam op Joe Verster moet plaas? -- Ek het hom nie voorgestel, ek het genoeg gehad om vir Joe Verster aan te hou so ek het nie nodig gehad om dit op hom te druk nie. (20)

O, het u op daardie stadium reeds genoeg gehad om Joe Verster aan te hou? -- Presies.

Wanneer het u toe vir Joe Verster gearresteer? -- Ek wil net gou hier vasstel, 2 Maart.

2 Maart/...

K40.0543

- 1076 -

MOSTERT

2 Maart, dit is 'n hele ruk daarna nie waar nie. Hoekom so lank gewag? -- Daar was probleme gewees vir die aanhouding. (30)

Wat het u teen Joe Verster gehad behalwe dat hy die besturende

direkteur vir die BSB was? -- Ek het verklarings gehad waarin hy genoem was.

As synde wat? -- Dit was deel van 29 verklarings, moet ek dit nou openbaar?

Het u enige inligting gehad dat hy by die Webster-moord betrokke was, hy persoonlik, aktief? -- Nie persoonlik nie.

U het maar net weer afgelei dat BSB ...? -- Hy is betrokke by die organisasie en die organisasie is volgens my oordeel en inligting betrokke by die ... (tussenbei)

VOORSITTER: So wil u die hele organisasie arresteer onder artikel 29? -- Nee. (10)

Hoeveel van die lede wil u arresteer onder artikel 29? -- Net wat genoem word.

Genoem as wat? -- Betrokke.

Maar u het nou geen getuienis dat hy betrokke was by die moord sê u? -- Nee, maar ek het getuienis dat hy betrokke was.

By wat? -- By die Early Learning Centre.

Maar daardie saak is mos opgelos, wat wil u nog van hom weet? Wil u 'n bekentenis uit hom hê onder artikel 29. U het mos nou talle beëdigde verklarings wat hom betrek. -- Dit is korrek. (20)

U kan hom mos nou net aanhou as getuie? -- Maar ons probeer nog die Webster-saak oplos, maar ons het inligting dat die organisasie dat hy as die besturende direkteur van die organisasie moet vir ons kan inligting gee.

Maar dit voorveronderstel dat die organisasie dit gepleeg het. Dit voorveronderstel dat hy weet dat lede van die organisasie/...

organisasie dit gepleeg het, maar u het geen inligting wat dit toon nie op wat u tot dusver vir my gesê het. So wil u hierdie gebruik as hoe noem ons dit, as 'n dwangmiddel? -- Omdat artikel (30)

54 oortredings gepleeg was, kan ek my diskresie daar gebruik en ek kan dit gebruik.

Ja, om getuieverklarings te kry? -- Om inligting te kry.

Maar u het mos klaar die inligting. U weet mos wat by Early Learning Centre gebeur het. -- Ja, maar nou ek soek in-ligting oor die misdaad van Webster.

Ek moet sê u verstom my. As dit die wyse is waarop u u diskresie uitoefen, is dit verstommend. Ja, gaan maar voort.

MNR. HATTINGH: Die vrae wat u aan Joe Verster skriftelik gestel het, u het 'n lys van vrae opgestel nie waar nie? -- Dit is korrek. (10)

Het daardie vrae gehandel met die Webster-moord? -- Ons het hom gevra daar.

En wat was sy antwoord daarop gewees? -- Hy dra geen kennis daarvan nie.

En dit was ook die inligting wat u gekry het van al die ander lede wat u reeds aangehou het? -- Dit is korrek.

Almal het betrokkenheid van BSB by Webster ontken? -- Sover, ja.

En u het niks meer inligting gehad wat daarop kon dui dat Joe Verster oor meer inligting beskik nie, behalwe die feit dat hy die besturende direkteur was, het u? -- Op hierdie stadium het daar natuurlik bykomende inligting bygekom. (20)

Nee, ons praat van die stadium toe u besluit het om hom onder artikel 29 te vat? -- Ja. Die feit dat al hierdie misdade gepleeg was, nou kom ons maar weer terug na die Early Learning Centre, ons kom terug na Evans, Abdullah Omar en dié

mense/...

Ja, maar sover het almal nog gesê Webster is uitgesluit? -- Ek verwag nie dat hulle dit moet erken nie.

Nou vra ek weer die vraag wat u ontwyk en nog nie geant-woord het nie. Het u enige inligting gehad dat hy wat Joe Verster is meer sou weet oor Webster en BSB se betrokkenheid daarby? -- Net soos verwag word van my om alles te weet in die saak so verwag ek van hom sal hy ook weet wat in sy organisasie aangaan.

So u wil hom onder druk plaas, u wou 'n bekentenis uit hom uitwring nie waar nie? -- Nie 'n bekentenis nie.

U het nie inligting gehad dat hy meer weet van Webster as die ander mense wat aangehou is gewet het nie? -- Hy het (10)
byvoorbeeld in sy verklaring aan my ontken van die bomontploffing by Early Learning Centre, waar as daar getuienis was dat hy wel gewet het daarvan.

Maar hy het ook aan u ontken dat BSB by Webster betrokke was? -- Ja, hy sal dit ontken. Ek verwag nie hy moet dit erken nie.

Nou hoekom wil u hom dan aanhou? -- Om verdere inligting te kry.

Oor wat? -- Daar is baie inligting wat opgeklaar word wat net hy vir my kan opklaar.

Oor wat? -- Oor skuilname, name wat genoem word wat ons nog as skuilname het. (20)

Wat betrekking het by die bom? -- By die bom en ander voorvalle.

Maar u het reeds soos mnr. die Voorsitter vir u gesê het daardie inligting gehad. -- Ek het nie inligting van skuilname nie/...

K40.0706

- 1079 -

MOSTERT

nie.

U het Slang van Zyl se inligting gehad oor wie by die bom betrokke was? -- Ja, maar nou het ons ander inligting ook. Op (30)

hierdie stadium ... (tussenbei)

VOORSITTER: Wat se inligting, het u 'n lys skuilname? -- Ek het 'n lys skuilname.

Maar ek het vir u advokaat gesê as u 'n lys skuilname het gee dit vir die Kommissie, ons sal vir u die regte name gee as dit enigsins sal help. -- Ek het gevra vir die dokument, ek het dit nie gekry nie.

Maar u vra vir die dokument. Ek sê gee vir ons die lys en ons sal vir u antwoord.

MNR. HATTINGH: Ek het die indruk gekry uit u getuienis vanmôre (10) dat as dit nie was vir die feit dat die Kommissie tussenbeide getree het en vir Verster onder andere gesubpoena het om hier te kom getuig nie, dan sou sy aanhouding onder artikel 29 voortgeduur het? -- Dit is korrek.

En die verdere indruk wat ek gekry het is dat nadat hy hier getuig het dan sal u hom waarskynlik weer onder artikel 29 vat.

Is dit erg? -- Nee, ek kan nie.

Hoekom nie? -- Dit is 'n ministeriële opdrag om hom vry te laat.

Ja, maar onthou dit was om hom in staat te stel om hier te (20) kom getuig. -- Ja, hy het nog nie getuig nie.

Maar as hy klaar getuig het, vra ek nou vir u, u het tog die vraag gehoor? -- Ja.

Sal u hom dan weer arresteer? -- Ek twyfel. Nee, ek kan nie.

Ek kan hom nie weer arresteer nie. Dit is 'n probleem vir my.

Ek verstaan dit nie, hoekom nie? -- Dit is in elk geval
nie/...

K40.0747

- 1080 -

MOSTERT

nie so maklik nie. Dit is nie so maklik soos u dit nou stel nie. (30)

As u my 'n oomblik sal vergun mnr. die Voorsitter. Mnr. die Voorsitter, ek dink ek is klaar, maar daar was, soos ek gesê

het 'n bietjie oorvleueling tussen my en my geleerde vriend mnr. Burger. Ek wil tog vir u vra om my 'n geleentheid te gee om net oornag na my notas te kyk om seker te maak of daar nie enkele aspekte wat ek nog met die getuie wil opneem nie.

VOORSITTER: Brigadier is u môre beskikbaar? -- Ek sal beskikbaar wees.

Mnr. Bertelsmann hoe lank voorsien u u ondervraging?

MNR. BERTELSMANN: Vyf minute, miskien tien minute mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Wil u dit nou doen of wil u wag tot mnr. Hattingh klaar is? (10)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: U het in antwoord op 'n vraag wat deur my geleerde vriend aan u gestel is gesê dat die naam BSB of dan die afkorting BSB die eerste keer vir u genoem is, as ek reg onthou, reeds in Augustusmaand verlede jaar. Is dit reg? -- Ja, na 28 Augustus, Septembermaand.

En u het aangedui dat die naam of dan die afkorting BSB wat vir u op daardie stadium nog nie baie duidelik was wat presies dit beteken nie, aan u geopper is deur generaal Joubert. Is dit korrek? -- Dit is reg. (20)

U het ook gesê dat u op daardie stadium, as ek dit reg verstaan, opdrag gegee is deur generaal Joubert om u nie met die bestaan aldan nie van die BSB te bemoei nie, hy sal self daarna kyk? -- Nee, dit was nie so 'n opdrag gewees nie.

Was dit nie so nie? -- Nee, dit was nie so nie.

Wat/...

K40.0821

- 1081 -

MOSTERT

Wat was die ... (tussenbei)? -- Hy het gesê dat hy gaan verder in op die saak, hy sal weer vir my ... (tussenbei)

O, hy het gesê hy sal self onderneem om verder in te gaan op BSB. (30)

VOORSITTER: Ja, want hy was besig met 'n ander ondersoek. Hy was besig met die Botes klagte gewees en dit is ... (tussen-bei)?
-- Ja, die Botes klagte en die BSB het saamgeloop.

Ja, maar ek bedoel dit is hoekom hy het opdrag gehad om die Botes geval te ondersoek? -- So het ek afgelei ja.

MNR. BERTELSMANN: Wanneer het of kom ons stel dit so, het generaal Joubert op 'n later stadium vir u versoek om voltyds aandag te gee aan BSB? -- Nee, ek het geen opdrag gehad om voltyds aandag te gee aan BSB nie. My opdrag is om al die kanale te volg om die Webster-moord op te los.

(10)
Weet u wat generaal Joubert self gedoen het ten opsigte van die klagte wat hy van mnr. Botes gekry het? -- Nee, ek weet nie wat daar gebeur het nie.

Is u gevra om BSB te ondersoek deur generaal Joubert? -- Nee, ek het nie.

Is u versoek om Botes te ondersoek? -- Nee.

VOORSITTER: Mnr. Botes val nie binne u gebied nie? -- Nee.

MNR. BERTELSMANN: U het verder gesê dat die oorspronklike ondersoek na die BSB deur iemand op hoofkantoor gedoen sou word.

Is dit korrek? -- Ek het so afgelei, ja.

(20)
Goed, sou dit generaal Joubert self wees of iemand anders?
-- Ek weet nie.

Weet u of enigiets van daardie ondersoek gekom het? -- Ek dra geen kennis daarvan nie.

Was daar geen terugvoer na u toe nie? --Nee.

VOORSITTER: Wel daar kan beswaarlik in polisieterme, kan
daar/...

K40.0875

- 1082 -

MOSTERT

daar tog seker nie net 'n ondersoek wees na 'n organisasie nie.

(30)
Ek bedoel dit moet tog gekoppel wees aan 'n bepaalde aanklag?
-- Presies, dit is ... (tussenbei)

Was dit gekoppel aan Botes se aanklag gewees? -- Botes het 'n klagte gehad.

Ja-nee, maar was dit gekoppel aan sy klagte, die hoofkantoor ondersoek oor die BSB? -- Dit was gekoppel aan sy klagte.

MNR. BERTELSMANN: Nou goed, soos u dit verstaan, Brigadier het Botes net een spesifieke klagte gehad wat hy oorgedra het aan generaal Joubert of het hy in verband met die mededeling dat hy 'n lid van die BSB sou wees verdere inligting verstrek oor wat die BSB sou gedoen het? -- Ek dra nie daarvan kennis nie.

U dra nie daarvan kennis nie. Volgens u siening of volgens u herinnering wat het Slang van Zyl vir u gesê ten opsigte van die doel wat die bom in die Athlone Youth Centre gehad het. Moes die Cape Youth Congress geïntimideer word of moes hulle geëlimineer word? -- Hulle moes geïntimideer word. (10)

Nie geëlimineer nie? -- Aldus hom. Hy het vir my gesê dat hulle het voorsorgmaatreëls getref dat daar nie beserings moet wees nie.

Daar was inderdaad beserings soos u weet? -- Daar was geringe beserings, ja.

CHAIRMAN: Mr Pretorius do you ...?

MR PRETORIUS: Yes, I do wish to cross-examine. I will take longer than five minute. I would like to start tomorrow. (20)

VOORSITTER: Mnr. Marais het u 'n belang by hierdie getuie?

MNR. MARAIS: Nee.

MNR. : Verskoon my, ek sal ook 'n paar vrae vra

asseblief/...

K40.0943

- 1083 -

MOSTERT

asseblief. Ek het 'n belang hierby.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 9 MEI 1990 OM 10H00.

(30)

---oOo---

Collection Number: AK2300

HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990

PUBLISHER:

Publisher:- Harms Commission of Inquiry

Location:-

©1990

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.